

MATIE LAND

S100
1918 - 2018

Aanpasbaar en betekenisvol
in tye van verandering

Internationally benchmarked Executive Development solutions for companies or individuals. Certified by Stellenbosch University.



t 27 (0)21 918 4488 | e info@usb-ed.com | www.usb-ed.com

University of Stellenbosch Business School
holds the Triple Crown accreditation, part of only 1% of 8 000 business schools worldwide to do so.



MATIE LAND

gepubliseer sedert 1957 | published since 1957



TEKEN IN OP MATIELAND

Matieland, 'n nuustydskrif van die Universiteit Stellenbosch, word gratis aan alumni en ander belanghebbers gestuur wat daarop inteken. Dit is beskikbaar in Afrikaans én Engels, en intekenaars kan kies tussen 'n gedrukte en 'n digitale weergawe. *Matieland* is ook aanlyn beskikbaar by www.sun.ac.za/matieland.

Maak só om in te teken

1. GAAN NA www.sun.ac.za/matieland en klik op "teken in".
2. SKAKEL ons by +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-POS ons by alumni@sun.ac.za of matieland@sun.ac.za.

WEET JY VAN DIE ALUMNI-HUBS?

Die Stellenbosch Alumnibetrekkings-span stel plaaslike en internasionale alumni-nawe (oftewel *hubs*) saam om die skakeling tussen alumni onderling te verbeter deur gereelde netwerk- en sosiale geleenthede aan te bied. Vir meer inligting oor hoe om 'n *hub* in jou gebied te stig of by een van ons gevestigde *hubs* aan te sluit, stuur 'n e-pos na alumni@sun.ac.za.

SUBSCRIBE TO MATIELAND

Matieland, a news magazine of Stellenbosch University, is available free of charge to alumni and other stakeholders who subscribe to the magazine. It is available in English and Afrikaans, and subscribers may choose between a printed and a digital version. *Matieland* is also available online at www.sun.ac.za/matieland.

How to subscribe

1. GO TO www.sun.ac.za/matieland and click on "subscribe".
2. PHONE us on +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-MAIL us at alumni@sun.ac.za or matieland@sun.ac.za.

DO YOU KNOW ABOUT THE ALUMNI HUBS?

The Stellenbosch Alumni Relations team establish alumni hubs both locally and internationally to connect alumni in specific regions with one another through regular networking and social events. For more information on how to start or join an existing hub in your area, send an e-mail to alumni@sun.ac.za.

VIND ONS HIER / FIND US HERE



www.facebook.com/stellenboschalumni **of/or**
www.facebook.com/stellenboschuniversity



www.youtube.com/stellenboschuni



@SU_Alumni **of/or**
@stellenboschuni

INHOUD



4

UIT MATIELAND


- 4 REDAKTEURSBRIEF
- 5 MATIES KWETTER EN KLETS
- 6 UIT DIE REKTOR SE KANTOOR

9

JOU UNIVERSITEIT

- 10 NUUSBROKKIES
- 17 NAVORSING IN ANTWOORD OP 'N KRISIS
- 22 NUWE KANSELIER: 'N STEM VIR VERANDERING
- 26 WETENSKAP IN DIENS VAN DIE SAMELEWING
- 30 NUWE NORMAAL 101
- 37 WÊRELD, HIER KOM ONS!





41

ONS ALUMNI

42 NUWE NETWERK VIR
MATIE-VROUE

44 BHAVNA PATEL

46 LEZANNE HUMAN

48 THEMBI XABA

50 ROXSANNE GORDON



69

RAAK BETROKKE

70 KOMMERVRYE STUDIES

73 HOE OM TE GEE

74 MAAK 'N VERSKIL

78 SARIETHA ENGELBRECHT
ONTDEK DIE MAG VAN SOSIALE
KAPITAAL

80 IN MEMORIAM

53

KAMPUSLEWE

55 LEË RUIMTES

63 GRAADVANG IN DIE KUBERRUIM

66 VIR DIE BOEKRAK



VAN DIE REDAKTEUR

Die uitdrukking 'kennis is mag' het weer nuwe betekenis gekry te midde van die wêreldwye stryd teen 'n virus waarvan ons bitter min weet. Navorsers en wetenskaplikes het hedendaagse helde geword na wie die samelewing draai vir antwoorde en planne oor hoe ons hierdie onbekende bedreiging die hoof kan bied.

Dit is presies hierdie soeke na antwoorde en oplossings vir die wêreld se grootste uitdagings wat saamgevat word in die Universiteit Stellenbosch se kern strategiese doelwit, 'navorsing vir impak'. En soos altyd voeg ons navorsers daad by die woord. In hierdie uitgawe vertel ons jou meer oor die tientalle navorsingsprojekte wat hulle aangepak het en die innoverende maniere waarop hulle hierdie krisis takel.

Covid-19 is egter nie net 'n gesondheidskrisis nie; dit het ook in 'n oogwink elke ander faset van ons lewens onderstebo gekeer – van hoe ons leer, werk en skep tot hoe ons sosialiseer en ontspan. Lees hoe ons kenners reken die pandemie vorm aan ons nuwe normaal gaan gee. Kyk ook na foto's van 'n feitlik verlate Stellenbosch-kampus te midde van die grendeltyd, en lees oor ons eerste virtuele toekenning van grade.

Maar selfs in 'n krisis is dit gerusstellend om te weet dat die lewe aangaan en daarom is daar ook artikels oor ons nuwe Kanselier, regter Edwin Cameron; hoe een van die US se kortkursusse 'n student se lewensbeskouing verander het; en nog vele ander nuusbrokkies uit Matieland. Lekker lees.

Sonika

MATIE LAND

REDAKTEUR
SONIKA LAMPRECHT

FOTOREDAKTEUR
STEFAN ELS

MEDEWERKERS

Ontwerp
Roann Louw

Uitleg
AFRICAN SUN MeDIA
www.africansunmedia.co.za

Skrywers en fotograwe
Ilse Arendse, Alec Basson, Wim de Villiers, Natalie Gabriels, René Hanekom, Sarietha Engelbrecht, Rozanne Engel, Candice Keating, Engela Duvenage, Frieda le Roux, René-Jean van der Berg, Andy Boag, Hennie Rudman, Anton Jordaan, Francois Lombaard, Kobus Smit, Haiko Schurz, Henk Oets, Brenda Biddulph, Ilze Badenhorst

Vertalers en teksredakteurs
Elsabé Barlow, US Taalsentrum, Wayne Muller

REDAKSIONELE KANTOOR

Korporatiewe Kommunikasie
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak XI
Matieland 7602
Tel: +27 (0)21 808 2927
E-pos: matieland@sun.ac.za

SIRKULASIE

Jill Moses, Junita Segers
Tel: +27 (0)21 808 2709/10
Faks: +27 (0)21 808 4122
E-pos: alumni@sun.ac.za

DRUKWERK

AFRICAN SUN MeDIA

Menings wat in *Matieland* uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018

KWETTER EN KLETS

Sosiale media is nie net die plek waar die Universiteit Stellenbosch nuus oor ons prestasies en goeie werk deel nie; dit bied ook vir alumni en vriende van die Universiteit 'n platform om van hulle te laat hoor.



Die 30 jaar herdenking van oud-president Nelson Mandela se vrylating en sy eerste besoek aan die US-kampus

Op Twitter

Michelle Wolfswinkel

Ek was daar en ek onthou dat ek gedink het: DIT! DIT is wat verkeerd is met ons samelewing, my gemeenskap, my gesin! Ek het nog nooit iemand gehoor praat oor gelykheid en demokrasie soos hierdie man nie.

Op Twitter

Stephen Baenziger

Ek was gelukkig om vir agt weke lank 'n gas by die Universiteit Stellenbosch te wees en het nog vriende daar. Ek kan onthou toe hulle vir my geskryf het oor die eerste verkiesing nadat Mandela vrygelaat is en die vreugde van universele stemreg.

Aankoms en verwelkoming van nuweling-Maties

Op Facebook

Sameera Wehr Kafaar

Ek sal die Universiteit Stellenbosch ten sterkste aanbeveel. Dit is vir ons as ouers 'n eer dat ons oudste die geleentheid het om uiteindelik 'n Matie te wees en ook haar tersiële opleiding aan die beste Universiteit te voltooi.

Op Facebook

Priscilla Whiteman

Dit was 'n baie spesiale oggend. Die personeel en studente het uit hul pad gegaan om ons welkom te laat voel. Ek weet dat Jordan aan die Universiteit Stellenbosch sal floreer.

Virtuele toekenning van grade

Baie graduandi en hul ouers was teleurgesteld toe die US se April-gradeplegtighede weens die Covid-19-pandemie gekanselleer is. Om tog dié belangrike mylpaal in graduandi se lewens te vier, het die US op 3 April 2020 'n virtuele toekenning van kwalifikasies gedoen.



Op Facebook

Gillian Fortune

Baie geluk aan almal wat gegradueer het. Dit is wonderlik om te sien dat julle nie toelaat dat die huidige werklikheid die vreugde van hierdie prestasie steel nie. Dit sê baie van julle. Sterkte met die volgende deel van julle reis. Laat dit goed gaan!

Op Facebook

Jill Johannes

So spesiaal, ek hou baie van die inisiatief. Dit is 'n ware weerspieëling van wat julle uit jul studies geleer het. Dit sal julle nooit definieer nie – maar hoe julle bo hierdie situasie uitgestyg het en steeds met vreugde die dag gevier het, sal wel.



*PROF. WIM DE VILLIERS deel
met trots hoe US-navorsers,
studente en personeel te midde
van die Covid-19-pandemie hul
deel doen om 'n positiewe verskil
in mense se lewens te maak.*

In die vorige uitgawe van hierdie tydskrif wat in Desember verlede jaar verskyn het, het ek oor my heraanstelling as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) geskryf. Min het ek geweet dat ek in April my tweede vyfjaar-termyn te midde van 'n grendelstaat sal begin – 'n drastiese stap wat miljarde wêreldburgers ingeperk het om die verspreiding van die dodelike koronavirus (Covid-19) te beperk. Verbasend hoe vinnig 'n piepklein organisme ons ganse wêreld kan verander!

Ek is bly om te kan sê die US-gemeenskap het ewe vinnig op die krisis gereageer. Studente-vrywilligers help byvoorbeeld tans gesondheidswerkers in die stryd teen die pandemie, dosente het vinnig oorgeskakel na aanlyn onderrig om die akademiese jaar te red, en kollegas in die Afdeling Sosiale Impak het die breër gemeenskap gehelp deur kospakkies aan huishoudings in nood te verskaf.

Ons navorsers het beïndruk met innovasies. US-wetenskaplikes het ou brood in alkohol-gebaseerde handskoonmaakmiddel omskep, tegnoloë het robotte in 'n hospitaal ontplooi wat spesialiste toelaat om hul saalrondes vanaf 'n afstand te doen, en ingenieurs het met 'n 3D-drukker onderdele vir ventilators en beskermingsdrag vir gesondheidswerkers gedruk.

NAVORSING VIR IMPAK

Hierdie voorbeelde gee praktiese uitdrukking aan een van die Universiteit se kern strategiese temas, "navorsing vir impak". Dit vloei uit die US se *Visie 2040*, waarin ons verbind is tot die "bevordering van kennis in diens van die samelewing". Ons streef daarna om 'n trotse naaf te wees vir kennis wat in diens van ons vasteland staan – deur leer en onderrig, navorsing en innovasie, asook sosiale impak. En ons streef daarna om 'n allesomvattende impak

UIT DIE REKTOR SE KANTOOR

op ons dorp, streek, land, vasteland en die res van die wêreld te maak.

Ons poog ook om interdisiplinêre en multidisiplinêre navorsing te steun deur kennis te verdiep, oor te dra en te implementeer; en ons streef daarna om vernuwend te wees en ons innovasies met die wêreld te deel.

Kort nadat Covid-19 in Maart as 'n pandemie verklaar is, is hierdie woorde in dade omgesit. Navorsers aan die US het dadelik begin met 45 innoverende projekte wat direk met Covid-19 verband hou. Benewens die genoemde voorbeelde het dit ook die volgende ingesluit: maniere om sterilisasie in die kos- en drankbedryf en in geneeskunde te verbeter, respiratoriese virale infeksies in openbare vervoer te verminder, en modelle te ontwikkel om die verspreiding van virus in die gemeenskappe te verstaan.

UITNEMENDHEID

"Navorsing vir impak" beteken ons fokus op interdisiplinêre navorsing wat die samelewing op 'n nasionale, kontinentale en globale skaal bevoordeel. Terselfdertyd is ons toegewy aan basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid, omdat dit die grondslag vorm vir toegepaste navorsing.

In April vanjaar was die aantal US-navorsers met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting die hoogste nog: 485, vergeleke met 394 in 2016. En die US het nou 51 navorsingsleerstoele – meer as dubbel die aantal wat ons in 2014 gehad het.

Die US bly een van Suid-Afrika se mees navorsingsproduktiewe instellings. Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het ons akademiese rekord van 1,64 navorsingspublikasie-uitsette per kapita in 2018 (die jongste beskikbare syfers) behaal. En die US het alle ander universiteite in Suid-Afrika uitgestof ten opsigte van boekpublikasies wat vir subsidie kwalifiseer.

Daarby is ons aan die voorpunt in Suid-Afrika as dit kom by die aantal patentaansoeke ingevolge die Patent Cooperation Treaty (PCT) in Suid-Afrika (127 tussen 2009 en 2019). 'n Aantal van hierdie uitvindings het internasionaal opslae gemaak.

WÊRELDWYD ERKEN

In die Times Higher Education se 2020-wêreldranglys vir universiteite het die US van die 301-350-gleuf tot 251-300 opgeskuif. Dit plaas die US onder die top 1% van universiteite wêreldwyd. Vergeleke met verlede jaar, het die US beter gevaar in die aanwysers vir onderrig, navorsing, navorsingsaanhalings en internasionale vooruitsigte. Die beduidendste verbetering was in die Universiteit se aantal navorsingsaanhalings, wat met 13% opgeskuif het, vergeleke met die vorige tydperk. Dit is die derde agtereenvolgende jaar dat die US ten opsigte van hierdie aanwyser verbeter.

Dit alles dui op die impak wat die US se navorsing wêreldwyd het, asook die internasionale erkenning wat ons navorsers geniet. Ons het verlede jaar nie minder nie as 76% van ons derdestroom-inkomste (uit navorsingskontrakte) internasionaal verdien. Dit wys dat die US wêreldwyd erken word, wat in die lange duur ons volhoubaarheid sal ondersteun.

Deur voortgesette belegging in navorsing is die US goed geposisioneer om op gebeure soos die Covid-19-pandemie te reageer. Ons navorsers het duidelik getoon dat hulle gretig is om hul kennis in die stryd teen die virus aan te wend. Hulle werk onverpoos om te help om in gesondheidsverwante behoeftes te voorsien en die verspreiding van die virus te bekamp.

Dit is navorsing vir impak – om ons navorsingskundigheid te gebruik om die samelewing ten beste te verander en om 'n positiewe verskil in mense se lewens te maak.



JOU UNIVERSITEIT



Foto: ANTON JORDAAN

PERSONEEL PRESTEER

PROF. PETER HESSELING, voormalige professor van die Department Pediatrie en Kindergesondheid, het die eerste persoon uit Afrika geword wat 'n Lewenslange Prestasie-toekenning van die Internasionale Vereniging van Pediatriese Onkologie ontvang het.

PROF. DANIEL MALAN, medeprofessor in etiek en korporatiewe bestuursgedrag aan die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool, is aangestel as medevoorsitter van Besigheid Twintig (B20) se taakspan belas met integriteit en voldoening vir 2020. Die B20 is die amptelike struktuur vir dialoog tussen die sakewêreld en die Groep van Twintig (G20), en verteenwoordig die sakegemeenskap in al die G20-lande.

Drie navorsers is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer.

PROF. MATILDA BURDEN, 'n kultuurhistorikus, het 'n Erepenning vir die Bevordering van Geskiedenis ontvang. **PROF. JAN VAN VUUREN** het die Douw Greeff-prys ontvang vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* verskyn het. Die Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe is toegeken aan **PROF. ANDRÉ WEIDEMAN**, 'n toegepaste wiskundige. Die Havenga-prys word toegeken vir oorspronklike navorsing in die fisiese wetenskappe, en kan net een maal aan 'n persoon toegeken word. Hy het ook die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging se 2019-toekenning vir navorsing ontvang.

PROF. HESTER KLOPPER (foto links), Viserektor: Strategie en Internasionalisering, is deur die Sigma Theta Tau Internasionale Vereniging van Verpleegkunde met die Dorothy Ford Buschmann Presidensiële Toekenning vereer vir haar bydrae tot verpleegkunde en globale gesondheid.

Twee akademici van die Departement Maatskaplike Werk is deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Opvoedkundige Instellings vir Maatskaplike Werk vereer. **PROF. LAMBERT ENGELBRECHT**, voorsitter van die departement, en **ME. PRISCALIA KHOSA**, 'n junior lektor, het die toekennings vir onderskeidelik Navorsers van die Jaar en Opkomende Akademikus van die Jaar ontvang.

PROF. LESLEY LE GRANGE, uitgelese professor aan die Fakulteit Opvoedkunde, het 'n eretoeckenning van die Suid-Afrikaanse Onderwysnavorsingsvereniging (Saera) ontvang. Dit is Saera se hoogste toekenning en word jaarliks aan 'n individu of navorsingsentiteit toegeken vir 'n uitsonderlike bydrae tot opvoedkundige navorsing in Suid-Afrika.

PROFESSORS CRAIG KINNEAR en **NOVEL CHEGOU** van die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika is deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad met silwer-medalje prestasie-toekennings vir hul lewenslange bydrae tot gesondheidsnavorsing vereer.

HERNUWINGSPROJEK BY EBW BEVORDER LEERERVARING

Die eerste fase van die CGW Schumanngebou-hernuwingsprojek – die opgradering van drie voorgraadse lesingsale op die onderste verdieping deur die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Fasiliteitsbestuur – is afgehandel. Twee lesingsale met 137 sitplekke elk, asook een met 217 sitplekke, spog nou met 'n splinternuwe voorkoms en stoffering, én hulle is met WiFi en die jongste tegnologie toegerus.

Mnr. Johan van Rooyen, bestuurder van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se rekenaargebruikersareas (Fharga), sê: "Die lokale is toekomsgeraad en beskik oor fasiliteite wat interaktiewe en hibriede leer ondersteun. Daar word ook voorsiening gemaak vir studente om hul eie toestelle gedurende klasse te gebruik en te herlaai."

Hoewel die tweede fase van die hernuwingsprojek deur die staat van inperking weens die Covid-19-pandemie vertraag is, sal dit in die tweede helfte van 2020 aangepak word. Dié area word hoofsaaklik vir nagraadse studente aangewend.



VERKEN DIE US MET INTERAKTIEWE KAMPUSKAART

'n Span van die Afdelings Fasiliteitsbestuur en Informatietegnologie het, in samewerking met bedryfsvennote, 'n pasgemaakte kampuskaarttoepassing ontwikkel wat studente en besoekers sal help om enige van die Universiteit Stellenbosch se vier kampusse te verken.

Die nuwe interaktiewe kampuskaart is 'n unieke instrument wat nie net mense sal help om hulself te oriënteer nie, maar ook as 'n gids vir die kampus sal dien.

Die kaart is gebruikersvriendelik en het 'n soekfunksie wat gebruikers toelaat om na spesifieke geriewe soos parkeerterreine, biblioteke, fakulteitsgeboue en kampusbestemmings op al vier US-kampusse te soek. Dit is ook met 'n ArcGIS-webtoepassingbouer-raamwerk gebou, wat dataverbruik verminder in vergelyking met ander navigasie-instrumente.

Om die kampuskaart te sien en meer uit te vind daarvoor, besoek <https://campusmap.sun.ac.za/>



Foto: STEFAN ELS

US FASILITEER SKEPPING VAN LÜCKHOFF LEWENDE MUSEUM 50 JAAR NÁ GEDWONGE UITSETTING

In 1969 is leerders van Lückhoff Skool in Banhoekweg, Stellenbosch, ingevolge die Wet op Groepsgebiede van 1950 gedwing om hul geliefde skool te ontruim en hulle in die nuwe Lückhoff Skool in Idasvallei te hervestig – sommige met skoolbanke en al.

Twee van daardie oorspronklike skoolbanke is op 16 November 2019 aan die skool terugbesorg, 50 jaar ná die gedwonge uitsetting.

Die oorhandiging het by 'n spesiale seremonie plaasgevind as 'n gebaar van herstellende geregtigheid en deel van die proses om die

Lückhoff Lewende Museum te ontwikkel.

In 2007 het wyle prof. Russel Botman uitreikaksies na hierdie gemeenskap gelei toe die ou Lückhoff-skoolgebou simbolies aan die oorspronklike eienaars hertoegewy is.

Hierdie gebou dien nou as die Lückhoff Lewende Museum, met vooruitsigte om visuele tentoonstellings daar aan te bring wat die geskiedenis van die omgewing en sy mense sal uitbeeld.

Foto bo: Mnr. Whaleed February, 'n voormalige Lückhoff Skool-leerder, op een van die skoolbanke wat aan die skool terugbesorg is.

US-NAVORSERS GEBRUIK HIP-HOP VIR TB-BEWUSMAKING

Navorsers van die Universiteit Stellenbosch (US) het hulle tot kletsrym en hip-hop gewend om TB-bewustheid onder jongmense te bevorder.

Die #MBGHipHop TB-intervensie, waarby navorsers en personeel van die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika, asook leerders van die 'Hoërskool Cedar, 'n kunsfokusskool in Mitchells Plain, betrokke was, was gemik op die bevordering van bewustheid oor TB. 'n Verdere oogmerk was om jongmense te inspireer om loopbane in die wetenskap na te volg.

"Deur wetenskap in 'n gewilde kultuurruimte te plaas, het jongmense die geleentheid gekry om eienaarskap daarvan te neem – eerder as wat dit vreemd en ontoeganklik bly," sê

me. Dannielle Moore, Kommunikasie- en Bemarkingsbeampte by die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika.

Tydens die vier dae lange program is leerders ingelig oor hoe TB versprei, maar ook voorkom kan word, tekens en simptome van die siekte, asook die diagnose en behandeling daarvan. Hulle is ook meer geleer oor die mites rondom die siekte.

Leerders het in groepe saamgewerk om liedjies te skryf wat boodskappe oor TB oordra. Later het hulle die geleentheid gekry om die hip-hop liedjies in 'n ateljee op te neem en uiteindelik ook, tesame met danspassies en kort toneelskette, voor hul mede-leerders, onderwysers en genooide gaste uit die gemeenskap op te voer.



Foto: RAINED UPON MEDIA



Foto: ANTON JORDAAN

'KLIP MET SKILPADSPORE' SE GLORIE NA 58 JAAR HERSTEL

Amper 60 jaar nadat die "klip met die skilpadspore" vanaf 'n plaas in die Sandveld verwyder is om in die voorportaal van die Kamer van Mynwese-gebou uitgestal te word, het die Universiteit Stellenbosch (US) vroeër vanjaar amptelik erkenning gegee aan die familie wat die skenking gemaak het.

Mev. Lettie Veldsman, dogter van die destydse plaaseienaar mnr. Maans Visser, het die uitstalling besoek en 'n gedenkplaat wat die vindplek van die klip herdenk, in ontvangs geneem.

Dit is te danke aan die bemiddeling van emeritus-professor Izak Rust, 'n afgetrede dosent in Geologie aan die US, wat in 2005 begin het om die geskiedenis rondom die herkoms van dié unieke tien-ton rots na te vors.

Die rots is in 1963 met die oprigting van die nuwe Kamer van Mynwese-gebou in die muur vasgemessel. Op hierdie unieke klip is die spoortjies van drie soorte mariene skaaldiertyes

wat tussen 470 en 485 miljoen jaar gelede oor die sandbank van 'n oervasteland geskarrel het, verewig. In die sestigerjare was dié fossielspore die oudste mariene fossielspore in Suid-Afrika. In die Sandveld-omgewing het die plaaslike bevolking egter na hierdie spoortjies as "skilpadspoortjies" verwys.

Die eienaars van die plaas Moesdam, mnre. Maans en Gertjan Visser, het egter nooit erkenning vir die skenking ontvang nie en die Universiteit het ook nooit hul onderneming nagekom om 'n gedenkplaat by die vindplek van die klip op te rig nie, verduidelik prof. Rust.

Die Vissers se skenking word nou erken met drie plakette onderaan die uitstalling van die Brandenburg-rots: in Afrikaans, Engels en isiXhosa. 'n Inligtingspaneel verduidelik ook die merkwaardigheid van die vonds, terwyl 'n skaalmodel van 'n trilobiet (prototipe van die oermariene skaaldiertyes) deur die bekende Italiaanse paleokunstenaar, Fabio Pastori, nuwe lewe aan die uitstalling gee.

KOOR SING 'SAAM' TYDENS INPERKING

{ NUUSBROKKIES }

Te midde van Suid-Afrika se staat van inperking, het die bekroonde Universiteit Stellenbosch-koor besluit om deur musiek hoop te bring gedurende die Covid-19-pandemie.

Die koor het in 'n virtuele musiekprojek, 'Die Donker', op sy YouTube-kanaal bekendgestel. Al 119 koorlede het deelgeneem deur individuele tuisvideo's saam met 'n metronoom-klankbaan op te neem om gesinchroniseerde opnames te verseker.

Die US-koor se dirigent, mnr. André van der Merwe, sê die projek het die koor die geleentheid gegee om in hierdie tyd waar hulle nie fisiek saam kan wees nie, weer as 'n span te funksioneer.

Die musiek vir 'Die Donker' is 'n verwerking van twee ikoniese Afrikaanse liedjies, 'Die Gang' (Christopher Torr en uitgevoer deur Laurika Rauch) en 'Klein Tambotieboom' (Die

Heuwels Fantasties). Mnr. Gerhard Roux het die klankvermenging behartig en mnr. Regardt Visser het die 119 saam geredigeer.

Volgens Van der Merwe is die virtuele musiekprojek 'n interessante medium waardeur die koor steeds met hul gehore kan kommunikeer. "Die projek gaan nie daaroor om met organiese koorsang mee te ding nie en dit sal dit ook nooit vervang nie. Ons het steeds 'n stem en ons wil dit met ons bewonderaars deel," sê Van der Merwe.



Kyk hier na 'n video:

<https://www.youtube.com/watch?v=eAUVbUI24eM>



Foto: NATALIE GABRIELS



NAVORSING IN ANTWOORD OP 'N KRISIS

Navorsingspogings te midde van die Covid-19-pandemie is 'n bewys van hoe die Universiteit Stellenbosch voortdurend nie net akademies uitnemend is nie, maar terselfdertyd 'n beduidende impak op die wêreld maak.

Woorde ROZANNE ENGEL

Foto: HAIKO SCHURZ



akademi, nagraadse navorsingsgenote en nagraadse studente aan die Universiteit Stellenbosch (US) doen met hul toekomsgerigte navorsing en innoverende idees baanbrekerswerk gedurende die Covid-19-pandemie.

Hierdie kohort sluit by duisende van hul eweknieë regoor die wêreld aan in 'n poging om die kennisbasis oor Covid-19 en die bekamping daarvan, te verdiep.

Tot op hede het die US 45 navorsingsprojekte wat met Covid-19 verband hou, van stapel gestuur. Dit sluit in die vervaardiging van handontsmettingsmiddels met 'n alkoholbasis uit ou broodkrummels, tegnologie wat robotte in 'n hospitaal ontplooi om spesialiste in staat te stel om saalrondes oor 'n afstand te doen en die druk van 3D-ventilatoronderdele en beskermende toerusting vir gesondheidsorgwerkers.

Daarbenewens het US-navorsers ook maniere ondersoek om sterilisering in die voedsel- en drankbedryf sowel as in die geneeskunde te verbeter, om respiratoriese virusinfeksies wat met openbare vervoer verband hou te verminder, en modelle te ontwikkel om die verspreiding van Covid-19 in die samelewing te verstaan.

In 'n poging om meer navorsing te ondersteun en te help, het die US ook altesaam R300 000 begroot om Covid-19-verwante navorsingsprojekte te befonds.

Volgens prof. Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, het die US se reaksie op die Covid-19-pandemie gewys hoe "kennis wat deur middel van navorsing gegenereer word" 'n positiewe impak op die samelewing kan maak, soos uiteengesit in die Universiteit se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

KUNDIGHEID

"Die US beskik oor 'n magdom kundigheid wat strek van die wiskundige modellering van die pandemie tot die ontwikkeling van entstowwe wat tot ons voordeel kan wees in die bestryding van die pandemie. Ons moedig navorsing aan wat kan help om die Covid-19-pandemie aan te spreek en ons probeer om die administrasie en goedkeuring van sodanige navorsing, gegrond op wetenskaplike en openbare gesondheidsvoordele in ooreenstemming met ander instellings, te bespoedig," sê hy.

Van die Universiteit se akademi skryf ook meningsartikels oor onderwerpe wat met die Covid-19-pandemie verband hou. Die artikels handel oor onderwerpe wat wissel van Suid-Afrika se militêre reaksie tydens die Covid-19-pandemie, en geestesgesondheid, tot die belangrikheid van die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte en hoe rugbyspelers kan fiks bly tydens die staat van inperking, om maar net 'n paar te noem.

SAMEWERKING

Navorsers aan die US het ook die *Coronavirus Rapid Mobile Survey* (CRAM), 'n gesamentlike navorsingsprojek deur drie universiteite, van stapel gestuur om die sosiale en ekonomiese uitwerking van Covid-19 in Suid-Afrika te bepaal.

Die studie behels 'n nasionaal verteenwoordigende steekproef wat vanaf Mei elke maand vir ses maande met behulp van telefoniese opnames onder 10 000 Suid-Afrikaners gedoen sal word. Die steekproef fokus op werkloosheid, huishoudelike inkomste, kindershongersnood en toegang tot staatstoelaes. Die doel van die navorsing is om beleidmakers in te lig en te help om hulplening te verskaf waar dit die nodigste is, en om te bepaal of daardie hulpleningsspogings werk soos hulle gehoop het dit sal.

"Ons hoofdoel is om beleidmakers te help om in hierdie moeilike tye die beste besluite moontlik te neem," sê die hoofondersoeker van die studie, dr. Nic Spaul van die Departement Ekonomie. Saam met Spaul is daar agt mede-ondersoekers van die US, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Witwatersrand. Elkeen lei verskillende gebiede wat met peilings, maatskaplike welsyn, arbeid en maatskappye, gesondheid en die Nasionale Inkomstedinamiekstudie se werksaamhede verband hou.

Die projek word formeel deur die Nasionale Beplanningskommissie, die nasionale tesourie en die nasionale departement van monitering en evaluering van beplanning onderskryf. Drie donateurs befonds dit: die Allan en Gill Gray-liefdadigheidsorganisasie, die FEM-opvoedkundige stigting en die Michael en Susan Dell-stigting.

Die uitslae van die opnames sal op die CRAM-webtuiste (www.cramsurvey.org/) beskikbaar wees.

Me. Maryke Hunter-Hüsselmann, Direkteur: Navorsingsinligting en -strategie by die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling, sê samewerkende navorsing was nog altyd vir die Universiteit belangrik, maar hulle sal eers die pandemie se uitwerking op navorsingsamewerking in 'n latere stadium kan bepaal.

"Navorsing aan die US word voortgedryf deur die idee van gelyktydige uitnemendheid en toepaslikheid, ingelig deur 'n verskeidenheid mense en idees. Die Covid-19-pandemie veroorsaak talle uitdagings vir ons as land. Die US het dus die geleentheid aangegryp om 'n bydrae te lewer ter ondersteuning van die wêreldwye poging om die pandemie te oorkom. Dit strook met ons strategiese raamwerk en die fokus op Navorsing vir Impak."

US-navorsers het ook saam met die Universiteit van Wes-Kaapland gewerk om die SARS-CoV-2-stam in 'n laboratorium te ontwikkel. Dit sal wetenskaplikes in staat stel om presies te verstaan hoe die virus mense besmet en hoe dit Covid-19 veroorsaak het.

VRYWILLIGERS

Navorsers neem ook vrywillig aan die CrowdFight Covid-19-inisiatief in Suid-Afrika deel, wat daarop gemik is om 'n wêreldwye span navorsers op verskillende vakgebiede byeen te bring om die wetenskaplike en gesondheidseise van die virus te help verstaan en te verlig.

Een van die US-navorsers wat vrywillig by CrowdFight werk, is Caroline Pule (foto op bladsy 16), 'n mediese wetenskaplike wat met middelweerstandige tuberkulose (TB) – een van die dodelikste oordraagbare siektes – werk. Vir haar het die besluit om by die stryd teen die pandemie betrokke te raak, natuurlik gekom.

"Wat hierdie pandemie besig is om te doen, het my baie diep geraak en ek kon nie anders as om te huil nie. My passie vir wêreldgesondheid, mediese navorsing en om te verseker dat ons 'n siektevrye land het, het my aangespoor om na vore te tree en op enige moontlike manier by te dra om die uitwerking van virus te verminder," sê Pule.

Talle studente van die US Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) werk ook as vrywilligers by die Tygerberg-hospitaal se siftingsarea en by die Kontak-naspeursentrum op die Tygerberg-kampus, waar hulle help om positiewe gevalle

telefonies na te speur. Ander studente doen diens by die Nasionale Covid-19-hulplyn. Studente versamel ook data en verwerk statistiek vir die Afdeling Epidemiologie en Biostatistiek van die FGGW, terwyl ander data by die Afdeling Mediese Virologie vaslê.

Die Dekaan van die FGGW, prof. Jimmy Volmink, het 'n beroep op meer personeel, studente en alumni van die Universiteit gedoen om hul hulp as vrywilligers aan te bied in die stryd teen Covid-19. In baie dele van die land versprei die virus tans baie vinnig, met wye verspreiding in gemeenskappe en 'n toename in hospitaaltoelatings en sterftes.

Diegene wat as vrywilligers wil en kan help, word versoek om 'n e-pos na sucovidvolunteers@sun.ac.za te stuur vir meer inligting.

Die US se navorsingspogings is nie net op akademiese sukses gerig nie, maar ook om 'n beduidende uitwerking op die wêreld te hê. En terwyl die wêreld voortgaan om met die siekte te worstel en dit te probeer verstaan, sal nog meer intensiewe en innoverende navorsing nodig wees om 'n entstof te vind en die virus te bekamp.

Meer oor ons projekte en innovasies

Lees op bladsy 20 en 21
meer oor drie innoverende
projekte wat ons navorsers
aangepak het in reaksie op
die Covid-19-pandemie.

TEKSTIELWETENSKAPLIKE ONTWIKKEL TOETS VIR DIE EVALUERING VAN MASKERMATERIAAL

Me Adine Gericke, 'n tekstielspesialis aan die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, het 'n standaard toets ontwikkel vir gebruik deur die klere- en tekstielvervaardigingsbedryf om die doeltreffendheid van tekstielstowwe en filtermateriaal wat in materiaalgesigmaskers gebruik word, te evalueer.

Die toetsmetode is gegrond op die Wêreldgesondheidsorganisasie se riglyne wat in Maart 2020 gepubliseer is en berus op die jongste bewyse dat dit voorkom asof die virus grotendeels deur die mond van 'n besmette individu in mikro-druppeltjies ontsnap wanneer

die persoon praat, hoest of nies. Daar is bevind dat materiaalmaskers 'n belangrike rol speel om die oordrag van die virus in die gemeenskap te verminder.

Gericke sê die doeltreffendheid van materiaalmaskers kan heelwat verbeter word deur die keuse van 'n optimale kombinasie van materiaal: "Maskers bestaan gewoonlik uit twee tot drie lae materiaal, wat 'n filterlaag in die middel kan insluit. Elke laag dra by tot die prestasiekenmerke van die eindproduk. Materiale kan in enkellaag of in kombinasies volgens die ontwerp van 'n spesifieke masker getoets word."

NAVORSERS VERANDER BROOD IN HANDONTSMETMIDDEL

Met die regte toerusting, 'n skoot vindingrykheid en 'n paar brode kan jy in krisistye skynbaar enigiets vermag. Hiervan het die US-voedselwetenskaplikes bewys gelever toe hulle 18 liter alkoholgebaseerde handontsmetmiddel uit verouderde broodkrummels in hul eie gistingstenk gemaak het. Ná 'n week lange proses kon hulle die eindproduk bottel slegs ure voordat Suid-Afrika weens Covid-19 ingeperk is.

"Dit ruik 'n bietjie soos roosterbrood," sê dr. Stefan Hayward (foto regs), 'n postdoktorale navorser in die Departement Voedselwetenskap. Hy is deel van 'n departementele navorsingsgroep wat fokus op maniere om geproduseerde voedselafval te verminder en die nuwe produkte daarvan te hergebruik.

Die plan om 'n eie handontsmetmiddel te maak het tydens 'n dinksrum tussen Hayward, nog 'n postdoktorale navorser, dr. Timo Tait, en die MSc Voedselwetenskap student mnr. Sebastian Orth ontstaan. "Brood bestaan uit 40% stysel, wat as 'n uitstekende koolhidraatbron in die vervaardiging van bioëtanol deur fermentasie gebruik kan word," verduidelik Hayward.



ROBOT HELP SPESIALISTE MET SAALRONDES TYDENS PANDEMIE

Intensiewesorgspesialiste by die Tygerberg-hospitaal het 'n nuwe infeksiebestande "kollega" wat 'n helpende hand verleen wanneer saalrondes onder Covid-19-pasiënte gedoen word. "Quintin", soos hy alombekend staan, bestaan uit dubbele robotika-elemente en help spesialiste met die uitvoer van virtuele saalrondes – selfs van die huis af – wanneer hulle nie fisies teenwoordig kan wees nie.

Prof. Coenie Koegelenberg, professor in Pulmonologie aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het kort voor die inperking in Suid-Afrika begin eksperimenteer met opsies om virtuele saalrondes in die intensiewesorgeenheid (ISE) van die Tygerberg-hospitaal te doen. Hy is oortuig daarvan dat spesialiste van die ISE inderdaad

afstandsrondes kan uitvoer met behulp van robotte wat as onvermoeide helpers ook nie besmet kan raak nie.

"Ons deel die werkklas van Covid-19-pasiënte wat in die ISE beland onder die spesialiste. Die kans dat minstens een of almal van ons siek word, is redelik groot, daarom moet ons realisties beplan vir wat kan gebeur. Indien een van die spesialiste die virus opdoen en nie fisies kan werk nie, kan hy of sy die robot gebruik om van 'n afstand af via 'n telefoon of skootrekenaar te funksioneer. Met die gebruik van hierdie toestel kan ons 'n diens lewer wanneer ons vaardigheidstelsel skaars is," sê Koegelenberg.

ONDER: Dr. Quintin in aksie. Die 'robot' maak dit vir spesialiste by die Tygerberg-hospitaal moontlik om virtuele saalrondes te doen wanneer hulle nie fisies teenwoordig kan wees nie.



'N STEM VIR VERANDERING

*Regter Edwin Cameron, die Universiteit
Stellenbosch se nuwe Kanselier, sê hy is
opgewonde oor die verandering wat hy by sy
alma mater sien, en oor die werk wat dit in die
gemeenskap doen.*

Woorde RENÉ-JEAN VAN DER BERG

Foto ANDY BOAG / VeryMuchSo Productions





k is opgewonde oor dit wat tans by die Universiteit Stellenbosch gebeur – oor hoevéél die Universiteit verander het en wat dit vir die gemeenskap doen.”

Só sê regter Edwin Cameron wat in 2019 as die nuwe Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) verkies is. Cameron se aanstelling het op 1 Januarie vanjaar in werking getree. Sy amptelike inhuldiging wat op 8 April vanjaar op Stellenbosch gehou sou word, moes weens die Covid-19-pandemie en nasionale staat van inperking uitgestel word. Cameron het wel sy eerste formele plig as Kanselier tydens die US se eerste virtuele gradeplegtigheid op 3 April waargeneem.

Volgens Cameron, wat ook n alumnus van die US is, daar twee US-projekte wat hom besonder trots maak om met die Universiteit verbind te word: die vestiging van die Lückhoff Lewende Museum en #Move4Food-veldtog.

REGSTELLING

“Die Lückhoff Skool se gedwonge verskuiwing en die meegaande verjaging van mense was ’n skande en ’n tragedie. Dit is ’n diepgaande klad op die ganse Stellenbosse gemeenskap en ook die Universiteit wat daarby gebaat het. Ek was 16 jaar oud toe dit gebeur het en wou bitter graag aan die Universiteit Stellenbosch kom studeer. Dit is dus in my naam gedoen en ek het ook het by hierdie daad gebaat ...”

Cameron sê dat hoewel die skep van die museum ’n klein gebaar is, het dit hom nederig gelaat toe hy van die Universiteit se projek om die skande simbolies reg te stel, bewus geword het. “’n Mens kan nie die ongeregtighede van die verlede heeltemal regmaak nie, maar ons kan by ’n beduidende gebaar begin.” (Lees meer oor die Lückhoff Lewende Museum op bladsy 12.)

Die tweede projek wat Cameron uitlig, is die voedselsekerheidveldtog, #Move4Food. Hierdie veldtog poog om studente te ondersteun deur kospakkies en geldbewyse aan diegene wat voedselonsekerheid ervaar, te skenk. “Die doelwit is dat geen US-student, uit watter agtergrond ook al, honger hoef te ly nie.”

Cameron beskryf sy opvoedingsjare as van die belangrikste in sy lewe – ’n uitweg uit sy eie armoede. Hy het in 1975 ’n BA Honneursgraad aan die US behaal. Daarna het hy aan die

Universiteit van Oxford gestudeer, waar hy sy studierigting na die regte verander het. Ná sy terugkeer na Suid-Afrika, behaal hy ’n LLB-graad aan UNISA.

In 2015 het Cameron ’n eregraad van die US ontvang vir sy volgehoue professionele en persoonlike voorspraak vir die erkenning van alle mense se menswaardigheid, vryheid en gelykheid.

SELFERKENNING

Oor sy studentedae aan die US vertel Cameron dat dit ’n deurmekaar tyd vir hom was – ’n tyd van intense bevraagtekening.

“As ’n gay man in ’n tyd van groot homofobie – weens onkunde en ook as gevolg van die apartheidsbestel – het ek baie met myself geworstel. Aanvanklik was ek nie juis uitgesproke nie. Ek moes myself eers aanvaar voordat ek ook meer polities uitgesproke kon raak. Die twee het vir my hand aan hand gegaan. Dit was ’n tyd van selferkenning, introspeksie en leer. Dit was ’n kleinood.”

In ’n artikel wat op die US se Eeufees-webwerf verskyn het, het Cameron gesê sy ervarings as student en die keuses wat hy tydens sy studentedae gemaak het, het hom daarop voorberei om ’n menseregte-advokaat in die tagtigerjare te word. Hy moedig studente in die regte aan om geïnspireerd, bemagtig, dapper en aktief te wees – en om hul post-apartheid-regte te gebruik om sosiale geregtigheid vir almal te probeer bewerkstellig.

“Ek word daagliks geïnspireer deur die idee dat elkeen van ons, op ’n praktiese wyse, ’n verskil in ons eie lewe en in ander se lewens kan maak. Die lewe bied ons geen verskoning om passief te wees nie, en daar is geen regverdiging daarvoor om te kla en nie iets positief te doen nie,” het hy destyds gesê.

KANSELIERSKAP

Hoewel die rol van ’n kanselier meestal slegs as seremonieel beskou word, meen Cameron dit is tog ook belangrik dat die Kanselier ’n stem in universiteits- en/of studentesake moet hê.

“Vir my is daar twee teenpole: Aan die een kant is daar die seremoniële kant van die kanselierskap en aan die ander kant kan die kanselier ook tot sekere kwessies bydra. Tussen daardie teenpole is daar ’n duisend skakerings en ek is nog nie seker wat my skakering sal

wees nie. Maar dit sal beslis nie net seremonieel wees nie.”

Hy voel ook sterk oor die rol van ’n universiteit en die akademie vandag.

“Ons kom uit ’n era van uiterste armoede, onteiening en ons ekonomie het amper ten gronde gegaan. ’n Universiteit se rol moet al meer beklemtoon word. Ons bevind onself weer in ’n tyd van talle krisisse – klimaatsverandering, besoedeling, asook groot etiese en praktiese kwessies. ’n Universiteit se rol is om nuwe denke tot ’n nasionale gesprek te voeg en nuwe navorsing van stapel te stuur.”

Op ’n ligter noot vertel Cameron daar lê vir hom as Kanselier baie leerwerk voor. “Ek moet vertrouwd raak met baie terme soos ‘gemengde leer’ en ‘transformerende studente-ervarings’. Ek is nie skaam om te erken dat ek nog nie weet wat dit beteken nie, maar ek sal leer.”

Meer oor Edwin Cameron

Regter Edwin Cameron is in Pretoria gebore en het sy skoolloopbaan aan die Hoër Seunsskool Pretoria voltooi. In 2009 is hy as regter in die Grondwethof aangestel – ’n posisie wat hy vir tien jaar beklee het. As die eerste Suid-Afrikaner in ’n hoëprofiel-openbare amp wat openlik oor sy MIV-status en ervaring met antiretrovirale middels (ARM’s) gepraat het, is Cameron se bydrae tot meer toeganklike ARM-behandeling vir alle MIV-positiewe Suid-Afrikaners beduidend. Sy internasionale invloed as toonaangewende regsgeleerde met byna 200 uitsprake op sy kerfstok, bekroonde skrywer en gewilde spreker word weerspieël in die etlike eerbewyse wat hy al ontvang het. Dit strek van erkenning deur die balie van Engeland en Wallis vir sy bydrae tot internasionale regspleging en menseregtebeskerming tot die toonaangewende *Grand Prix du Conseil Québécois des Gais et lesbiennes*-toekenning in Montreal. Hy woon tans in Johannesburg saam met sy lewensmaat, dr. Nhlanhla Mnisi, ’n navorser in waterwetenskap.

WETENSKAP IN DIENS VAN DIE SAMELEWING

*Deur voortgesette belegging in navorsing
gebruik die Universiteit Stellenbosch sy
navorsingskundigheid om 'n positiewe verskil
in die samelewing te maak. Hier is drie projekte
wat wys hoe dit gedoen word.*

Woorde ALEC BASSON

Foto STEFAN ELS



KARTONNE VIR GRANATE

Nuwe geventileerde kartonne met veelvuldige lae kan binnekort help om die volume van granaat-uitvoere per vraghouer te verhoog, die behoefte aan verpakkingsmateriaal te verminder, die energiekoste vir die verkoeling van granate te verlaag en hulle langer vars te hou.

Só meen dr. Matia Mukama (foto op bladsy 27), van die Na-oes Tegnologie-laboratorium in die Departement Hortologie. Mukama het met die nuwe ontwerp vorendag gekom as deel van sy doktorsgraad in Voedselwetenskap. Die nuwe veelvuldige laag-kartonontwerp gebruik minder kartonmateriaal, maak dit moontlik dat baie meer granate in 'n vraghouer gepak kan word, die granate meer eweredig en vinniger verkoel, en bring besparings in verpakkingsmateriaal mee. Nie net dra dit by tot beter benutting van beide bergings- en vraghouerruimte nie, dit red ook bome en spaar energie wat nodig is

om die vrugte te verkoel en om die vereiste vrugtemperatuur te handhaaf.

"Toetse oor die werkverrigting van die nuwe veelvuldige laag-kartonontwerp het getoon dat soveel as 1,8 ton meer granate in 'n vraghouer gelaai kon word, in vergelyking met die huidige enkellaag-kartonontwerp," sê Mukama. Hy voeg by dat die nuwe ontwerp van veelvuldige lae 4 800 meer granate (240 kartonne) kan hou in vergelyking met die huidige verpakkingskarton wat in die bedryf gebruik word.

Die nuwe veelvuldige laag-kartonne sal ook minder verkoelde vraghouers nodig hê as wat tans die geval is. Mukama sê met veelvuldige laag-kartonne sal 15 152 minder verkoelde vraghouers wêreldwyd benodig word om vars granate te hanteer. Dit sal help om die vrystelling van kweekhuisgasse wat met verkoelde vervoer en verkoeling gepaard gaan, te verminder.

Bedryfsingenieurswese

HULP AAN VLUGTELINGE

Humanitêre organisasies sukkel soms om broodnodige ondersteuning aan vlugtelinge te bied omdat hulle nie altyd geloofwaardige of volledige data oor die skaal en dinamika van 'n spesifieke vlugtelingiskrisis, veral mense se beweging, het nie. Ten einde te help om hierdie uitdaging aan te spreek, het dr. Christa de Kock van die Departement Bedryfsingenieurswese 'n generiese raamwerk voorgestel wat dit vir humanitêre organisasies makliker sal maak om hierdie noodsaaklike inligting te bekom.

De Kock sê die raamwerk kan gebruik word om 'n simulasiemodel van die spesifieke bestudeerde groep mense in konflikomstandighede te ontwikkel. Dit sal gebruikers nie net die oorsake van sulke migrasies help verstaan nie, maar ook die gedrag en optrede van binnelandse ongewildes, vlugtelinge en ongedokumenteerde migrante. Só sal noodlenigingsorganisasies in staat wees

om die werklike erns en omvang van die konflikomstandighede, die kenmerke van die betrokke bevolking en veral ook die onderliggende besluitnemingsproses van die gedwonge ongewildes op grond van hulle persoonlike eienskappe te modelleer.

"Die vermoë om die beweging van gedwonge ongewildes met redelike akkuraatheid te voorspel, is uiters noodsaaklik om noodlenigingsorganisasies met die fasilitering van logistieke beplanning en hulpbronverkryging te help wat daarop gemik is om diegene wat van geweld en vervolging wegvlug, te ondersteun," sê De Kock. Sy voeg by dat die implementering van die voorgestelde raamwerk humanitêre organisasies en beleidvormers met hul strategiese beplanning sal kan help. Dit sal uiteindelik hopelik help sorg dat gedwonge ongewildes die bystand kry wat hulle nodig het.



Foto: HENRÉ HANEKOM

Onderwys

ONDERSTEUNING VIR ONDERWYSERS

Wanneer onderwysers by afgeleë, landelike skole aan kortkursusse vir hul eie professionele ontwikkeling deelneem, behoort hulle deur WhatsApp-groepe ondersteun te word om hulle te help om verskeie uitdagings te oorkom.

Só meen dr. Pauline Hanekom (foto bo) van die Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP). Sy sê WhatsApp-groepe kan as virtuele praktykgemeenskappe die professionele ontwikkeling van onderwysers ondersteun, organisatoriese ondersteuning vir die inwerkingstelling van die nuwe kennis en vaardighede in die klaskamer bied, en uiteindelik ook 'n positiewe uitwerking op leerders se prestasie hê.

Hanekom het vir haar doktorsgraad in Kurrikulumstudie WhatsApp-groepe geskep wat uit gekwalifiseerde onderwysers vir Natuur- en Lewenswetenskappe, beamptes van die onderwysdepartemente en kursusfasiliteerders bestaan het. Sy sê deelnemers se terugvoer

het getoon dat die groepe hulle gehelp het om akademiese kwessies wat gedurende die kursus, en ook in hul eie klasse, ter sprake gekom het, te bespreek en op te los. Dit het hulle ook in staat gestel om met mekaar in verbinding te bly, al woon hulle honderde kilometers uitmekaar, en hulle kon selfs beplan om hul dikwels beperkte hulpbronne vir praktiese aktiwiteite met mekaar te deel.

Volgens Hanekom kon die onderwysers hul praktiese vaardighede deur foto's en video's uit hul klaskamers met mekaar deel. Vakadviseurs van die onderskeie onderwysdepartemente kon maklik die studente help met kwessies rakende beleid en skoolkurrikulum. Sy sê die WhatsApp-groepe is ook gebruik om logistieke reëlings vir praktiese aanlynssessies oor te dra en het as 'n besprekingsplatform (tydens die uitsendings) gedien waarop deelnemers hul gedagtes en insette, asook foto's van hul deelname, kon deel.

NUWE NORMAAL 101

*Wat as 'n mediese krisis begin het, raak
reeds elke aspek van ons daaglikse bestaan.
Vakkundiges van die Universiteit Stellenbosch
kyk na watter kopskuiwe nodig is om by die
“nuwe normaal” van Covid-19 aan te pas.*

Woorde ENGELA DUVENAGE
Illustrasies ILZE BADENHORST

{ TOEKOMSGERIG }





n 'n krisis fokus ons weens die stres soms net op een ding en beraam planne daarvolgens, maar dikwels ontstaan beter sisteme

daaruit. Ongelukkig ly die meeste mense aan bevooroordeeltheid wat die status quo betref en glo die toekoms gaan min of meer dieselfde lyk as hoe dinge nou is, wat toekomsdenke belemmer, sê dr. Morné Mostert, direkteur van die Instituut vir Toekomsnavorsing.

"Wanneer jy jou in 'n hoogs chaotiese omgewing bevind, is jou enigste opsie om te eksperimenteer," sê hy. "Die innoveerders sal vooruitgaan. Diegene wat hul heil in 'terug na die grondbeginsels' of universele waardes gaan soek, gaan agterbly. As jy nie deelneem aan die ontwerp van die toekoms nie, sal jy moet inval by iemand anders se idees daaroor."

Alhoewel Mostert die Covid-19-pandemie as 'n ideale leergeleentheid beskou, besef hy egter dat die meeste mense eerder hul bestaande voorbehoude en idees wil bevestig as om hulself uit te daag. Daarby is kreatiwiteit te midde van angste uiters moeilik.

Op die ekonomiese front voorsien Mostert die uitsny van die middelman in talle bedrywe, asook grootskaalse veranderings in die globale waardeketting. Hy verwys daarna as die "vervangingseffek" en voorspel dat dit sterk digitaalgedrewe sal wees.

"Vanweë die sogenaamde vervangingseffek begin mense rondkyk vir ander oplossings wanneer daar iewers 'n belemmering is. As ek gewoon was om my goedere uit China te bestel, begin ek weens die heersende kompleksiteit dalk nou kyk waar ek dit plaaslik kan kry."

Hy voorsien dat die vervangingseffek veral in die digitale wêreld duidelik sal word. Mense is reeds toenemend besig om aanlyn te leef en sake te doen – van telediagnoses en gekoeriede aanlyn aankope tot teleregeringsbestuur.

"Danksy versnelde digitalisering gaan alles wat voor Covid-19 nog nie gedigitaliseer was nie, nou gedoen word. Sielkundige terapie was byvoorbeeld reeds voorheen aanlyn moontlik, maar die gebruik het nou toegeneem."

Mostert is geïnteresseerd in hoe toenemende aanlyn leer die sogenaamde koronagenerasie se keuses en persepsies rakende opvoeding gaan beïnvloed. "Vir die eerste keer in 350 000 jaar kan jongmense anachronisties self kies wanneer hulle wil leer, en outodidakties self besluit wat

hulle wil leer," verduidelik hy.

Krisisse toets sisteme behoorlik, lê tekortkominge vinnig bloot, en verhoog onsekerheid. Daarom is Mostert bekommerd oor die groeiende kloof tussen diegene wat suksel om data te bekom, teenoor die opkomende digitale elite wat 'n volledige aanlyn lewe kan lei danksy 24-uur-toegang tot hoëspoedinternet.

"Die aanduidings is dat indien data nie as 'n universele mensereg beskou word nie, ongelykhede eenvoudig sal vererger."

Mostert sê mense heg groot waarde aan kontak met ander, en om iemand in die oë te kan kyk. Daarom vertrou hulle byvoorbeeld eerder die kontrakte wat voor hulle geteken word as dié met 'n digitale handtekening daarop. Hy voorsien dat strenger reëls en kontrole ingestel sal moet word om toenemende digitalisering te reguleer en te beskerm, sodat mense vertroue in sisteme kan behou.

Dit sal ook verseker dat studies oor die presiese waarde, aard en energie van persoonlike interaksie versus digitale kommunikasie 'n opbloeit beleef.

"Ons het nog nooit werklik nodig gehad om te verstaan waarin die krag van in-persoon-kontak lê nie. Digitale kommunikasie en ons waardering daarvoor gaan baie meer genuanseerd raak. Dit werk goed om inligting te versprei, maar nie noodwendig vir kreatiewe besluitneming nie. Die tegnologie daarvoor is nog nie beskikbaar nie, maar dit kom."

Mostert is bekommerd dat toenemende teleregeringspraktyke kan lei tot meer diktatoriale state wat burgers se privaatheid en bewegings beperk, en op burgers spioeneer onder die dekmantel van gesondheidskrisisbestuur.

... HOE ONS LEI

Prof. Piet Naude, Direkteur van die US Bestuurskool, reken mense sal drie leierseienskappe toenemend nodig hê:

- **Vinnige besluitneming wat 'n komplekse stel uitdagings en konflikterende aansprake in ag neem;**
- **Etiese optrede onder druk en duidelike kommunikasie om werknemers en belanghebbendes se vertroue te behou;**
- **Die verbeeldingryke skep van 'n alternatiewe toekoms wat tydens 'n krisis inspireer en daarna nagevolg kan word.**

“Ons moet leer om die potensiaal eerder as die probleem raak te sien, en ons besluite op die eerste te bou,” stel hy die uitdaging.

Naude reken byvoorbeeld dat binne 'n alternatiewe werkstoekoms meer personeel van die huis af sal werk, dat fleksietyd ingestel word, dat mense nie geografies tot hul werksplek beperk sal wees nie, en dat heelwat meer vergaderings aanlyn gehou sal word.

Naude voorsien 'n alternatiewe toekoms vir leer en onderrig waarin 'n veel sterker gemengdeleer-benadering nuwe markte vir studentewerwing sal open en die geleentheid skep vir die verlaging van geleentheidskoste vir diegene wat wil studeer.

... HOE ONS NAVORSING DOEN

Die opbloeï in vertroue, belangstelling en dekking ten opsigte van verskeie vakgebiede binne die wetenskap, van virologie tot wiskundige modellering en ekonomie, is vir dr. Marina Joubert, 'n kundige in wetenskapskommunikasie aan die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST), 'n silwer randjie om die donker koronawolk.

“Vanweë Covid-19 besef mense dat navorsing 'n kardinale rol in ons welstand en in ons toekoms speel,” sê Joubert.

Sy voorsien 'n opbloeï in wetenskap- en krisiskommunikasiekundigheid, en dat 'n magdom navorsing hieroor in die komende maande en jare gepubliseer sal word. Te midde van die pandemie veroorsaak 'n gebrek aan bewese kennis oor die virus versus die dringendheid om iets daaroor te sê toenemende

druk. Volgens Joubert verkies wetenskaplikes om nie te midde van soveel onsekerheid te kommunikeer nie. In krisissituasies raak dit egter toenemend hul “nuwe normaal”. Oor die afgelope maande moes gesondheidsnavorsers byvoorbeeld reeds vinnig leer om inligting oor behandelingsprotokolle met mekaar én bekommerde lede van die publiek te deel, sonder die luukse om opsies tydsam te kon bestudeer en bevindinge by herhaling te kontroleer voordat dit openbaar gemaak word.

Sy voorsien toenemende internasionalisering van navorsing en samewerking oor dissiplines heen: “Vir die eerste keer in ons eie lewe ervaar ons saam 'n situasie wat die hele wêreld raak. Dit bied unieke geleenthede vir vergelyking tussen lande.”

... WAT ONS EET

“Dis moeilik om te glo dat 'n volgende virus- verwante pandemie weer gepaard sal gaan met inperkingsregulasies wat gewaarborg is om die lewensbestaan van die mees kwesbare individue in die gemeenskap te vernietig,” reken landbou- ekonoom prof. Nick Vink oor die neem van ekonomiese besluite in die toekoms.

Hy reken dat onverwagte gebeurtenisse soos pandemies gaan toeneem, maar ook meer voorspelbaar gaan raak namate mense uit elkeen leer en aanpas.



Die feit dat armer persone dikwels die ergste deur sulke gebeurtenisse geraak word, is sleg vir onder meer die landbousektor, gegewe hoe dit dié persone se vermoë beïnvloed om voedsel te bekostig.

Tegnologie sal deel van die toekoms van landbou bly, soos dit in die verlede die geval was.

“Ons besef hoe belangrik die virtuele wêreld is, maar dat die beskikbare sagteware en bandwydte nog nie goed genoeg is nie en spoedig verbeter moet word.”

Vink verwag dat 'n toenemende fokus op voedselveiligheid meer as net die hantering, bereiding en opberging van voedsel sal behels.

“Ons het reeds geleer dat ons die veiligheid van die sisteem in die geheel in aanmerking moet neem, ingesluit diegene wat daarin werk,” sê hy.

... HOE ONS SKEP

Dit kan nog lank wees voor 'n teater weer vir kunstenaars én die publiek 'n veilige hawe sal bied. Ongelukkig bied die internet nie 'n reddingsboei vir almal nie.

“Met die uitsondering van bepaalde kontemporêre musiek, die visuele kuns, skerpskertye en enkele klassiekemusiekuitvoerings, transponeer die kunste nie noodwendig so goed na die virtuele wêreld nie, veral as daar nie 'n behoorlike begroting beskikbaar is vir tegniese versorging nie,” verduidelik me. Saartjie Botha, Direkteur van die Toyota US Wordfees.

Ondanks die donker prentjie wat sy skets, reken Botha die kunste het beslis 'n rol te speel “in die heling van die wêreld, in die formulering van pyn en verlies vanweë siekte en dood en in 'n stotterende bevestiging van lewe, nou en hierna”.

“Die geskiedenis wys dat, telkens ná 'n wêreldwye ramp of 'n tydperk van burgerlike onrus, die kunste gedryf,” sê sy.

... HOE ONS SPORT BEOEFEN


Me. Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport, reken die pandemie dwing die Suid-Afrikaanse sportbesigheid-ekosisteem om vinniger aan te pas by ontwikkelings oor die afgelope dekade in die globale sportwêreld. Dit sluit in tegnologie, media, uitsaaiwese, kontak met ondersteuners, sosiale korporatiewe verantwoordelikheid, e-sport en virtuele sport.

Sy sê baie gaan afhang van hoe gereed atlete, personeel, afrigters en ondersteuningspanne is om die “nuwe normaal” te hanteer, en om kompetisieformate en -skedules, asook afrigting- en ontwikkelingsplanne te herdink.

“Hulle sal oefenprogramme moet aanpas om verskillende groepe en tipes oefening te kan akkommodeer,” verduidelik sy.

Groenewald sê sporttegnologie kan hierin 'n waardevolle hulpmiddel wees. Sy hoop ook daar word genoeg belê in die virtuele ruimte, gesondheid- en sportwetenskap, en navorsing daaroor.





“Totdat daar ’n entstof beskikbaar is, sal ons konstant op die bestuur van die Covid-19-pandemie moet fokus. Ons sal ons gesondheid- en veiligheidsbeleide moet hersien, prosedures moet monitor en evalueer, en in elke deel van die besigheid daarvoor verslag moet doen,” voorsien sy. “Ons sal die finansiële impak vir minstens die volgende drie jaar in gedagte moet hou, om vir volhoubare besigheidskontinuiteit voorsiening te maak. Dit behels nie net ’n maandelikse fokus nie, maar eerder ’n weeklikse of daaglikse fokus, afhangend van die grootte van die organisasie.”

Groenewald voeg by: “Planne rondom werwing, retensie en die skolesportstelsel moet heroorweeg word. Daarsonder sal deelname op universiteitsvlak selfs verder afneem. Ons benodig beleid, leierskap en befondsing. Implementeer ons dit nie so spoedig moontlik nie, sal ons land in die toekoms eenvoudig met minder medaljes tevrede moet wees.”

... HOE ONS LEER

Prof. Michael le Cordeur van die Departement Kurrikulumstudies reken aanlyn onderrig gaan ’n blywende, aanvullende medium van onderwys wees. Dit plaas die regering en skole onder druk om ouer- en leerdergemeenskappe te herorganiseer en te befonds sodat armer leerders ook goeie toegang tot e-leer kan kry.

Hy voorspel die kwessie oor wie se verantwoordelikheid onderwys is, gaan meer aandag kry. Onderwysvakbonde, ouers en die breë gemeenskap sal toenemend ’n beslissende rol saam met die onderwysministerie moet speel.

“Ouers het te lank hul rol ontduik. Armoede is nie meer ’n verskoning nie. Jou belangrikste bydrae is dit wat jy vir die skool in jou omgewing kan doen,” sê hy.

Le Cordeur hoop die noodsaaklikheid vir sosiale afstand lei tot wetgewing wat oorvol klasse by armer skole verbied, en dat die krisis die impetus bied vir die werwing van ’n jonger onderwyserskorps om die al ouerwordende onderwyserspoel te ondersteun.





WÊRELD, HIER KOM ONS!

Die Global Citizenship-kortkursus bied nie net aan studente 'n transformerende ervaring nie, maar ook die geleentheid om netwerke met mense van regoor die wêreld te bou.

Woorde RENÉ-JEAN VAN DER BERG

Foto's VERSKAF



universiteite en kolleges wêreldwyd ervaar al meer druk om studente beter voor te berei op globalisering. Terwyl tersiêre onderrig dikwels

'n belangrike skakel tot die arbeidsektor is, dui navorsing daarop dat al meer werkgewers van hul werknemers vereis om oor die sogenaamde sagte vaardighede (*soft skills*) te beskik wat nodig is om in wêreldomgewings te werk.

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Global Citizenship-kortkursus is daarop gemik om ons studente met hierdie vaardighede en 'n beter begrip van wêreldburgerskap toe te rus. Die program is reeds in sy derde jaar en word deur die Universiteit Stellenbosch Internasionaal en die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskap aangebied. Dit spruit nie net direk uit die Universiteit se beleid vir internasionalisering nie, maar dit spreek ook tot die Universiteit se kern strategiese doelwit om 'n transformerende studente-ervaring aan ons studente te bied.

Hiervan kan mnr. Nico Olivier, finalejaarstudent in BSc Molekulêre Biologie en Bioteegnologie, getuig. Hy was een van 'n groep studente van regoor die wêreld wat onlangs aan hierdie interkurrikulêre program in Indië deelgeneem het.

"Ek het 'n heel ander mens teruggekom as toe ek uit Suid-Afrika vertrek het. Met soveel verskillende mense en kulture waaraan jy op een slag blootgestel word, verander alles vir jou," vertel hy.

Olivier was een van vier studente van die US wat na Indië gereis het as deel van hierdie program. Daar is hy saam met studente van soveel as vyf ander lande in 'n groep ingedeel en moes hulle deurentyd take voltooi wat met die gekose tema, *Globalisation in Libraries*, verband hou.

Buiten vir die taal- en kultuurverskille, wat voortdurend uitdagings gebied het vir almal in die groep, sê Olivier Indië se sosio-ekonomiese status het ook 'n groot bydrae tot sy leerervaring gemaak.

DANKBAARHEID

"Ek het nog nooit so 'n vlak van armoede eerstehands in Suid-Afrika ervaar soos wat ek in Indië gesien het nie. Ek het vir die eerste keer werklik begryp wat dankbaarheid en empatie beteken. Jy kry 'n nuwe perspektief op alles wat jy as vanselfsprekend aanvaar."

As deel van die program, moes die groep aan besprekings en opdragte onder die leiding van hul toerleier en mentor, dr. Wolfgang Holtkamp van die Universiteit van Stuttgart, deelneem.

"Tydens hierdie groeps gesprekke moes ek baie krities dink en redeneer oor temas en konsepte wat ek nooit eens aan sou dink nie. Dit was 'n konstante konfrontasie met jouself – jou manier van dink is nie al wat in die wêreld aangaan nie. Ek moes leer daar is ander opinies en redenasies en dat ek daarvoor moet gaan soek."

Olivier sê Holtkamp se leiding het vir hom die meeste waarde tot hierdie kursus toegevoeg.

"Hy het nooit net geluister na iets wat jy vertel nie. Hy het altyd elke aspek uitgedaag en wou die heeltyd meer en meer weet. Elke uitstappie of rit het in 'n kritiese gesprek ontaard. Soms was dit te veel vir my en wou ek net die ervaring op daardie tydstop geniet. Maar as ek nou daarop terugkyk, besef ek hoe hy dit reggekry het om my denke en verwysingsraamwerk te vergroot, en hoe hy my geleer het om werklik krities na goed om my te kyk."

Mnr. Robert Kotze, Senior Direkteur van US Internasionaal, sê die Global Citizenship-kursus skep vir studente die geleentheid om hul begrip van wêreldkwessies uit te brei en om hul siening met studente uit ander wêrelddele te deel.

"Die Universiteit van Stuttgart in Duitsland het die US genooi om deel te wees van hierdie kursus. Studente het hierdie geleentheid aangegryp. Die sukses hiervan is ook 'n bewys van hoe samewerking tussen US Internasionaal en Studentesake verseker dat internasionale geleenthede die breër studentegemeenskap bereik."

Prof. Hester Klopper, Viserektor vir Strategie en Internasionalisering, sê Olivier se ervaring is presies wat die Universiteit met die kern strategiese doelwit, 'Transformerende Studente-ervaring' wil bereik.

INTERNASIONALISERING

"Internasionalisering aan die Universiteit word deur ons institusionele verbintenis om 'n internasionale, interkulturele en globale dimensie by alle aspekte van die universiteitslewe te integreer. Om dit te bereik en om volhoubaarheid in internasionale hoëronderrigspogings te verseker, streef die meeste instellings daarna om hul internasionale aansien uit te brei deur doelbewus bande regoor die wêreld te smee."

Klopper sê deur hierdie pogings het die US nie

net waardevolle vennootskappe en netwerke oor die wêreld heen bevorder nie, maar ook die US se wêreldwye reputasie gebou.

"Al hierdie pogings dra by tot die erkenning en waarde van ons gegradueerdes se kwalifikasies. Ons wil hê ons gegradueerdes moet wêreldburgers wees wat toegerus is om met selfvertroue oor nasionale en kontinentale grense heen en in verskillende kontekste te funksioneer. Selfs te midde van 'n gesondheidspandemie soos Covid-19, sien ons samewerking tussen navorsers regoor die wêreld. Ons studente moet gereed en toegerus wees om internasionaal saam te werk in watter vakgebied hulle ook al presteer om wêreldwye uitdagings op te los."



BO: Mnr. Nico Olivier, finalejaarstudent in BSc Molekulêre Biologie en Biotegnologie, sê die ervarings en gesprekke wat hy tydens die Global Citizenship-kortkursus gehad het, het sy denkwysse verander.

HOOFFOTO (bladsy 37): Vier Matie-studente was deel van 'n groep studente van soveel as vyf verskillende lande wat vanjaar na Indië gereis het as deel van die Global Citizenship-kortkursus. Die kursus is daarop gemik om studente 'n beter begrip van wêreldburgerskap te gee.

ALUMNI

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



ONS **ALUMNI**

’n Netwerk vir Matie-vroue

’n Netwerk vir Matie-vroue ... Dít is die doel van die nuutgestigte Stellenbosch Vroue-alumnaenetwerk (SWAN), wat in Augustus 2020 geloods word.

Matie-vroue het deur die jare op menigte maniere tot die US se nalatenskap van uitnemendheid bygedra. En die Stellenbosch Vroue-alumnaenetwerk (SWAN) wil hierdie bydraes vier,” sê me. Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkings aan die Universiteit Stellenbosch (US).

“Die vroue met wie ons tydens die beplanning van SWAN in aanraking gekom het, was almal entoesiasies om geleenthede te skep waar hierdie herhalende narratief uitgedaag kan word: dat vroue nie in hul alma mater belangstel nie, nie ’n toegewyde netwerk nodig het nie, of nóg die belangstelling nóg die vermoë het om terug te gee.”

Bruns hoop dat SWAN-takke op streeksvlak en spesifiek in lande waar alumnae gemeenskappe vorm, sal ontwikkel en floreer, sodat ruimtes ontstaan waar vroue kan netwerk oor kwessies en belangstellings wat hulle persoonlik en professioneel raak, met deelname aan ’n wye verskeidenheid aktiwiteite.

“SWAN beoog om ’n netwerk van vroue deur en vir sosiale betrokkenheid en loopbaanontwikkeling bymekaar te bring, en dat

die meewerking met Matie-trots sal geskied. En natuurlik wil ons ook graag pret hê terwyl ons dit doen,” verduidelik sy.

“Ons wil graag ons alumnae en studente in mentorskapprogramme, leierskapopleiding, rondetafelbesprekings en vele meer verenig om netwerke tussen verskillende groepe vroue in ’n verskeidenheid bedrywe te vestig. Ons is oop vir die ontwikkeling van ’n studentetak wat sal bydra tot die ondersteuning vroue tydens hul studies aan die US.”

WORD DEEL VAN SWAN

Alle US-alumnae en vriende van die Universiteit word uitgenooi om by SWAN aan te sluit.

“Ons wil hê dat almal wat ander vroue in hul bedrywigheide wil ondersteun, deel moet wees van die netwerk, sodat ons kan aanhou groei en uitvind wat dit beteken om vroue te ondersteun en hoe ons dit ten beste in die Matie-gemeenskap kan bewerkstellig,” sê Bruns.

- **Alumnae van die Universiteit Stellenbosch is baie suksesvol waar hulle ook al hulself in die wêreld bevind...Lees van bladsy 44 tot 51 oor vier sulke baanbrekers.**



DEEL JOU MENING MET ONS

'n Wêreldwye opname oor die Stellenbosch Vroue-alumnaenewerk sal aan alumnae en Matie-vroue versprei word en almal word aangemoedig om daaraan deel te neem. Volgens me. Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkings aan die US, sal dit verseker dat die netwerk ten beste aan die behoeftes van lede voldoen en so die groei en lewenskrag van die netwerk verseker. "Omdat die netwerk nog so nuut is, is ons nie op vaste werkswyses ingestel nie. Deur jou idees en voorstelle met ons te deel kan ons saam hierdie netwerk bou en vooruitgang maak – wat uiteindelik die doel van die netwerk is." Kry meer besonderhede oor SWAN by www.matiesconnect.com, of kontak Fika Ngonzo by Fngonzo@sun.ac.za of Karen Bruns by alumni@sun.ac.za.

Dr. Bhavna Patel

Soos baie ander mediese personeel in die land en regoor die wêreld, werk dr. Bhavna Patel tans in die voorste linies in die stryd teen die Covid-19-pandemie.

"Tydens Covid-19 en met die nasionale inperking is daar baie druk op hospitale om op die voorvoet te bly in terme van beplanning vir die hantering van die pandemie. Die siekte verander teen 'n hoë spoed, dus moet ons voorbereid wees op wat ook al ons tref."

As HUB van Groote Schuur Hospitaal (GSH) in Kaapstad, een van die voorste akademiese hospitale in Suid-Afrika, is sy verantwoordelik vir ondersteuning en leiding, nie net van die hospitaal se bestuurspan nie, maar ook sy mediese en ondersteuningspersoneel. Patel bestuur 975 beddens en 3 800 personeellede by die GSH.

"Om die HUB van so 'n vooraanstaande hospitaal te wees is 'n groot eer vir my. Groote Schuur se sukses is die gevolg van die toewyding van almal wat hier werk. Terwyl ek uiteindelik verantwoordelik is vir wat in die hospitaal gebeur, bestuur ek dit saam met 22 uitvoerende bestuurders op wie ek staatmaak."

Patel het 'n MBChB-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Kort daarna het sy 'n mediese praktyk geopen en ook 'n meestersgraad in Huisartskunde aan die Universiteit Stellenbosch (US) voltooi.

"Die US het my toekoms op 'n beduidende manier gevorm, aangesien dit in daardie tyd was dat ek besluit het om verder te studeer in beroepsgesondheid om my pasiënte by te staan wat in die klerebedryf gewerk het. Ek het

gevoel ek was nie toegerus met kennis van die beroepsgesondheidkwessies waarmee hulle by my opgedaag het nie."

Tydens haar openbare-gesondheid-rotasie as 'n mediese bestuurder by GSH het sy openbare gesondheid ontdek en haar kursus by die US gestaak. Sedertdien het sy 'n meestersgraad in Bio-etiek en Gesondheidsreg behaal.

In 2014 het sy saam met die hospitaal se uitvoerende bestuur die leierskapsontwikkelingsprogram en prestasiestelsel vir GSH saamgestel. "Die program is plaaslik ontwikkel met materiaal wat prakties, toepaslike en relevant is vir bestuurders.

"Die Groote Schuur Prestasiestelsel en leierskapopleiding is sedertdien geïntegreer as deel van ons strategiese doelwit om voortdurend 'n positiewe pasiënt-ervaring te bevorder deur ons visie van 'Leidende Innoverende Gesondheidsorg'. Verskeie verbeterings en innovasies is as gevolg daarvan ingestel."

Te midde van die pandemie het Patel probeer om sekerheid te verskaf deur gereelde en konsekwente kommunikasie om personeel te help om voorbereid te wees vir 'n instroming van pasiënte. "Elke personeellid moet help waar hulle kan, afgesien van spesialiteit, dissipline of personeelkategorie."

Die pandemie, sê sy, bring ook daarmee saam belangrike lesse wat leiers moet leer. "Ons kan nie hierná bloot terugkeer na die manier hoe ons voorheen gewerk het nie. As ons nie hieruit leer nie, dan was al die pyn, die lewensverlies en die lyding wat verduur is, verniet. Ek hoop opreg dat ek in hierdie veranderde wêreld leiding kan gee."



Foto: HENK OETS

Lezanne Human

As een van sewe medestigters van die nuwe toepassing-gebaseerde Bank Zero, gaan me. Lezanne Human binnekort die banksektor op sy kop draai.

Bank Zero, wat 45% swart aandeelhouding het en 20% in vroue-besit is, beoog om die bankwese te verander deur kostes te verlaag en aan mense deursigtige, direkte beheer oor hul geld te bied. “Deesdae wil ek net betrokke wees by ondernemings wat ’n verskil maak,” sê Human.

Sy is ook ’n uitvoerende direkteur in Bank Zero se raad, sowel as nie-uitvoerende direkteur in die raad van Netcare.

Human, wat uitgebreide ondervinding het in die omkeer van besighede sowel as in die omskep van klein beginner-besighede in volskaalse ondernemings, het ’n BSc in Toegepaste Wiskunde en Wiskunde, ’n BSc-honneursgraad in Operasionele Navorsing (cum laude), asook ’n MSc in Toegepaste Wiskunde (cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch (US) behaal.

By Maties het prof. Gerhard Geldenhuys van die Afdeling Toegepaste Wiskunde haar blootgestel aan die wiskundige konsepte wat oral versteek is, van die natuur tot digkuns tot hoe ons as mense leef. Maar dit was haar pa wat met lang gesprekke oor wiskunde op warm somersaande onder die Swartlandse-sterrehemel die jong Lezanne se liefde vir die vakgebied aangewakker het.

“Wiskunde is so ’n pragtige taal – dit het patrone en logika en die vermoë om die natuur en die heelal te beskryf en ek was mal daaroor.”

Nadat sy graad gevang het, het Human as bedryfsingenieur by ’n tekstielfabriek op die Kaapse Vlakte gewerk en gehelp om die besigheid om te keer “deur te groei eerder as terug te snoei”. Ná die eerste demokratiese verkiesing het Deloitte Consulting haar genader om te werk op regeringstransformasieprojekte met die gebruik van wiskundige optimaliseringsmodelle.

Haar omkeer-ondervinding het haar die geleentheid gebied om aan te sluit by ’n span in die VSA wat ’n internasionale sake-omkeermetodologie vir Deloitte ontwikkel het. Terwyl sy steeds by Deloitte was, het sy konsultasiewerk vir groot banke begin doen en toe die sprong na e-handel gemaak, waar sy die dot.com opbloeit en ineenstorting beleef het. Sedertdien het sy verskeie HUB posisies in die FirstRand-stal beklee.

“Die skepper van die Calvin en Hobbs strokiesprent het gesê: ‘Die meeste van ons ontdek eers waarheen ons op pad is wanneer ons daar aankom.’ Al is ek steeds op my reis, kan ek, as ek terugkyk op my loopbaan, sien hoe my loopbaanpad my gekies het en hoe ek ondervinding en vaardighede opgedoen het wat ek vandag toepas.”

Human dien tans ook in die Adviserende Raad van die US se Fakulteit Natuurwetenskappe.



Dr. Thembi Xaba

Dit was dalk toevallig dat sy 'n graad in landboubestuur aangepak het, maar daar is niks toevallig oor die rol wat dr. Thembi Xaba, HUB van die Sagtevrugte-ontwikkelingskamer (DFDC-SA), in die transformasie van die landbousektor gespeel het nie. En dit terwyl sy boonop haarself toegerus het met die vaardighede, ondervinding en kwalifikasies om 'n impak op die sektor te maak.

Die DFDC is Suid-Afrika se eerste organisasie vir swart sagtevrugte-produsente, en Xaba is een van slegs 'n paar vroue van kleur wat so 'n organisasie lei.

Sy het al vir die regering en in die private sektor gewerk, waaronder by die Wes-Kaapse Departement van Landbou, die Departement van Landbou in Limpopo, die Uitvoer-beheerraad vir Bederfbare Produkte, die Departement van Landbou in Mpumalanga en die Nasionale Tesourie se Jobs Fund.

Afgesien van voorgraadse studies in landbou aan die Mangosuthu Universiteit van Tegnologie en Unisa, het Xaba nagraadse kwalifikasies en diplomas in grond- en landboustudies, asook ekonomiese beleid van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Sy het 'n sertifikaat in Projekbestuur, die Senior Ontwikkelingsbestuursprogram (die ekwivalent van 'n mini-MBA), 'n meestersgraad in Ontwikkelingsfinansies en 'n PhD in Sakebestuur en Administrasie van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool. En in 2019 het sy 'n sertifikaat in Entrepreneurskap in Opkomende Ekonomieë aan die Harvard Universiteit Edx behaal.

Vir Xaba is die transformasie van die landbousektor 'n reis. "Dit is belangrik vir die

DFDC om die speelveld in die sagtevrugte-produsentesektor te help gelyk maak, maar op hierdie reis het 'n mens vennote nodig. Dit is interessant dat ek gevind het dat die rolspelers in die landboubedryf wat hulpbronne saamspan om transformasie te bevorder dieselfde individu is wat die sektor vir baie jare gedomineer het. 'n Mens moet hierdie soort transformasie in ons historiese konteks waardeur.

"Die regering is baie ferm in sy transformasie-verwagtinge van die bedryf en dit is vir my bemoedigend om te sien hoe die bedryf en die regering hul hulpbronne kombineer en saamwerk om dieselfde doelwitte te bereik, ongeag ras of geslag."

Hierdie vennootskappe het gelei tot memoranda van ooreenkoms met verskillende provinsies, 'n belegging om swart sagtevrugte-produsente in Mpumalanga te bemagtig, en die implementering van 'n stimulus-pakket vir befondsing van grondhervorming vir swart boere in die Wes-Kaap.

Xaba bou en versterk die entrepreneuriese vaardighede van swart sagtevrugte-produsente deur die DFDC, wat aan produsente gevorderde opleiding in bestuur, finansiële bestuur en belastingvoldoening bied.

Ook hoog op haar lys is die ontwikkeling van vroue in die landbousektor.

"Ek wil graag meer vroue in top-posisies sien. Ek glo dat vroue van voor kan lei. Ons is empaties. Ons kyk nie net na die syfers en die balansstaat nie, maar na werknemers en hul welstand. Dit skep 'n holistiese kultuur waar werknemers gemotiveerd is en voel hulle kry erkenning."



Foto: *BRENDA BIDDULPH / MONSOON PHOTOGRAPHY*

Roxsanne Gordon

Selfs voordat sy ingeskryf het vir 'n graad in meganiese ingenieurswese, wou me. Roxsanne Gordon aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer. Vandag het sy 'n BIng-graad (Meganies) van die instelling en is een van slegs 'n handvol vroulike stelselingenieurs wat by 'n kernkragentrale in Suid-Afrika werk.

As 'n kind wat in Northpine in die noordelike voorstede van Kaapstad grootgeword het, het Gordon se ma dikwels met haar oor Maties gepraat.

Toe sy in graad 11 was, is sy gekeur vir die Rachel's Angels-program, 'n mentorskapprogram wat deur onder andere prof. Rachel Jafta van die Departement Ekonomie aan die US begin is. Danksy dié program is Gordon in kontak gebring met 'n vroulike mentor wat ingenieurswese gestudeer het en is sy genooi om lesings by te woon sodat sy 'n idee kon kry van wat die ingenieurskursus behels.

"Daar was blykbaar baie plek vir die ontwikkeling van vroue in ingenieurswese aan die US en nadat jy graad kry, is daar boonop goeie werkvooruitsigte. Al hierdie aspekte, saam met die feit dat die veld baie divers geword het, het my na dié studierigting aangetrek."

In 2008 het Gordon 'n gedeeltelike beurs gekry en ingeskryf vir die graad BIng (Meganies). Halfpad deur haar eerstejaar het Eskom haar 'n volle beurs aangebied, wat sy vir vier jaar benut het.

"Die beurs het alles gedek, wat beteken het dat my ma nie meer enige kostes moes dra nie. Ek het egter geweet dat sy enigiets wat nodig was, sou doen om my universiteit toe te stuur – sy het namens my vir al die beurse waarvoor ek

moontlik kon kwalifiseer, aansoek gedoen," sê sy.

As 'n stelselingenieur in die Departement Konvensionele Stelsel-ingenieurswese by Eskom se Koeberg-kernkragentrale word Gordon as die onderwerpsdeskundige by die aanleg se kragopwekking en -bystandstelsels beskou.

"Ek is verantwoordelik vir die oplossing van langdurige kwessies binne die stelsel, optimalisering van die stelsel en die toepassing van korrektiewe aksies om die betroubaarheid van daardie stelsels te verseker. Dit behels baie monitering, modifisering en naspoor van tendense om hierdie stelsels gereeld op te gradeer."

Sedert sy aan die US graad gekry het, het sy 'n nagraadse diploma in kragentrale-ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad behaal en werk sy aan haar leierskapvaardighede "deur meer uitdagende take aan te pak".

Gordon het goeie herinneringe aan haar studentejare en die lewe in Metanoia-koshuis, asook die tyd toe sy een van slegs vier vroue in die departement Meganiese Ingenieurswese was.

By Eskom is sy in staat om haar vaardighede te ontwikkel terwyl sy by "briljante vroue-ingenieurs" leer.

"Ek werk in 'n omgewing waar vroue-ingenieurs net soveel gerespekteer en ondersteun word soos manlike ingenieurs. Daar is geen verskil in die werk wat ons doen nie. Dit gaan oor jou kennis, jou vermoë om onder druk te werk en jou toewyding tot uitnemendheid. Albei geslagte is ewe veel daartoe in staat," meen sy.





KAMPUSLEWE



LEË RUIMTES

*Oor die wêreld heen het inperkings weens
Covid-19 plekke wat gewoonlik wemel van mense,
verlate gelaat. Die US se Stellenbosch-kampus
was geen uitsondering nie – hier is die foto's.*

Woorde CANDES KEATING


Foto's STEFAN ELS, HENNIE RUDMAN, FRANCOIS LOMBAARD
EN RENÉ-JEAN VAN DER BERG

D

ie Covid-19-pandemie het die wêreld soos ons dit geken het, heeltemal verander. Nasionale inperkings en die dra van maskers, die afstel of uitstel van byeenkomste, en die verskuiwing van werk, leer en sosialisering na aanlyn-platforms is aan die orde van die dag. Regoor die wêreld moes gemeenskappe aanpas by 'n nuwe manier van leef in 'n poging om die verspreiding van die virus te stuit. Gedurende die vroeë dae van die inperking was hierdie werklikheid die duidelikste te sien in die wêreld se besigste plekke. Nasionale snelweë, speelterreine, restaurante, kantore, winkelsentrums, stadskerns, skole en universiteitskampusse het leë ruimtes geword. Foto's wat gedurende die eerste paar weke van die grendeltyd vasgelê is, wys hoe die staat van inperking die gedeelde ruimtes van die Universiteit Stellenbosch verlate gelaat het.

ONDER: Die Universiteit Stellenbosch se grasperke en tuine, wat gewoonlik netjies instand gehou word, het kans gekry om 'n bietjie wild te groei. Grasperke rondom kampusgeboue het gedurende die inperkingstyd ruie grasvlaktes geword.

Foto: *STEFAN ELS*





B0: Die dra van maskers het die nuwe normaal geword, selfs vir sommige van die standbeelde op die Stellenbosch-kampus. Gedurende die vroeë dae van die inperking, het 'n onbekende weldoener die standbeeld van Dok Danie Craven en sy hond, Bliksem, gemasker.

Foto: *FRANCOIS LOMBAARD*

H00FFOTO (bladsy 54): Kampusgeboue was gesluit tydens die inperking en instandhoudingsprojekte het tot stilstand gekom. Die meeste van die personeel het van die huis af gewerk en studente het in April met aanlynleer begin en in Julie hul eerste aanlyn-assesserings voltooi.

Foto: *STEFAN ELS*



BO: Die sosiale hartklop en handelskern van die Stellenbosch-kampus, die Neelsie-studentesentrum, was verlate. Sitplekke in die eetarea was leeg, restaurante was gesluit en die kronkelende middagete-rye voor eetplekke was iets van die verlede.

Foto: *STEFAN ELS*



LINKS: Die grasperk rondom die beeldhouwerk getiteld "*Die Kring*"; 'n brons kunsinstallasie bestaande uit 11 merkwaardige Suid-Afrikaanse vroulike denkleiers, toon die uitwerking wat die inperking op studente- en ander alledaagse aktiwiteite soos die sny van grasperke gehad het. Gewoonlik is hierdie gebied tussen die US-biblioteek en die Neelsie-studentesentrum 'n gewilde bymekaarkomplek vir studente wat 'n blaaskans tussen klasse neem, middagete geniet of somer net in die son ontspan.

Foto: *RENÉ-JEAN VAN DER BERG*

ONDER: 'n Jong man gryp die geleentheid aan om in die stil state op kampus, skaatsplank te ry.

Foto: *HENNIE RUDMAN*





B0: Onder normale omstandighede is die trappe voor die US-biblioteek volgepak met studente. Maar sedert Maart was hierdie trappe vir maande lank leeg en is die beste sitplekke deur blare ingeneem.

Foto: *HENNIE RUDMAN*

REGS: Op enige gegewe dag voor grensdeltyd, was die strate op kampus 'n gewoel van studente en personeel. Om parkeerplek op kampus te vind is gewoonlik soos om wors in 'n hondehok te soek, maar te midde van die inperking was daar amper nie 'n motor op kampus te bespeur nie.

Foto: *STEFAN ELS*



ONDER: Die Rooiplein vorm die kern van die Stellenbosch-kampus en is die area met die meeste voetverkeer. Die staat van inperking het egter hierdie miernes van bedrywighede verlate gelaat.

Foto: *FRANCOIS LOMBAARD*





GRAADVANG IN DIE KUBERRUIM

Duisende Matie-graduandi, tesame met hul familie en vriende, het aanlyn bymekaargekom om hul akademiese prestasies te vier tydens die Universiteit Stellenbosch se eerste virtuele gradeplegtigheid.

Woorde ROZANNE ENGEL

Foto STEFAN ELS

In Suid-Afrika en oor die hele wêreld heen beïnvloed die koronaviruspandemie steeds alle aspekte van die lewe, insluitende die onderwys.

Aprilmaand word oor die algemeen beskou as een van twee gradeplegtigheid-geleenthede in Suid-Afrika (die ander is Desember). Duisende gegradueerdes moes egter hierdie keer tevrede wees met 'n solo-plegtigheid tuis om die verspreiding van die Covid-19-pandemie te help bekamp.

Vanweë die nasionale grendelstaat moes die meeste universiteite, waaronder die Universiteit Stellenbosch (US), hul gradeplegtighede kanselleer en besluit op die aanbieding van virtuele gradeplegtighede om sertifikate, diplomas en grade aan hul studente toe te ken.

Op Vrydag, 3 April 2020, kon 3 278 graduandi van die US die virtuele toekenning van hul kwalifikasies op die sosialemediaplatforms Facebook en YouTube volg.

Die amptelike gradeplegtigheidvideo kan steeds op hierdie platforms gekyk word en tot dusver het ongeveer 8 300 mense die video op Facebook gekyk, en 10 200 op YouTube.

VREUGDE

Tydens die virtuele gradeplegtigheid het talle graduandi, familie en vriende hul vreugde met mekaar gedeel terwyl hulle die seremonie dopgehou het.

Mnr. Dennis Delpont, 'n joernalistiek-gegradueerde, het gesê sy hart "is gebreek omdat hy nie hierdie oomblik (met sy klasmaats) kon deel nie". Nog 'n afgestudeerde, mnr. Romano Jacobs-Niemand, het sy vreugde uitgespreek om 'n Matie-gegradueerde te wees. "Wat 'n emosionele tyd en wat 'n voorreg om aan een van die voorste universiteite in Suid-Afrika te kon studeer."

Kwalifikasies is in absentia deur die nuwe US-Kanselier, regter Edwin Cameron, toegeken. Prof. Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, en dr. Ronel Retief, US Registrateur, het die verrigtinge aanlyn gevolg nadat hulle in ooreenstemming met die inperkingsregulasies voorafopgeneemde boodskappe vanaf hul onderskeie wonings gelewer het.

Tydens die virtuele plegtigheid het Cameron gesê studente moet nou, meer as ooit tevore, die geleentheid entoesiasties aangryp om tot die samelewing by te dra.

"My wens is dat die trots en vreugde wat ons nou tereg in jul prestasie deel, tot iets meer kosbaars sal groei – 'n pligsgevoel en 'n verantwoordelikeheidsgevoel. Jul nuwe kwalifikasie, jul nuwe status, gee jul die geleentheid om die kennis, vaardighede en netwerke wat julle deur jul studies bekom het, te gebruik om ons land en die wêreld 'n beter plek vir almal te maak."

Hy het bygevoeg dat dit vir hom 'n groot eer is om die virtuele plegtigheid te lei, aangesien dit sy eerste amptelike plig as Kanselier van die US is.

"Ons het hierdie spesiale geleentheid onder buitengewone omstandighede geskep. As gevolg van die ernstige bedreiging wat Covid-19 inhou, moet ons almal die manier waarop ons dinge doen, verander. Soos president Cyril Ramaphosa gesê het: 'As ons saamwerk, sal ons hierdie siekte oorkom.' Ek twyfel nie dat ons dit sal oorkom nie."

In vergelyking met 2018 was daar in die 2019-akademiese jaar weer 'n toename in nie alleen die aantal gegradueerdes nie (9 120 vergeleke met 2018 se 9 007), maar ook in die getal doktorsgrade wat toegeken is (361 teenoor 2018 se 308).

Volgens Retief was dit nie 'n maklike besluit om 'n virtuele plegtigheid te hou nie. "As 'n universiteitsgemeenskap wou ons steeds die prestasies van ons studente vier. Daarom het ons besluit om die virtuele plegtigheid aan te bied – om byeen te kom, hoewel dit aanlyn is, om ons studente geluk te wens en hulle die geleentheid te gee om hul vreugde met familie en vriende te deel."

BITTERSOET

Me. Zoë Human is so 'n student. Sy het haar honneursgraad in joernalistiek voltooi en sê sy is dankbaar vir die moeite wat haar departement gedoen het om die studente se prestasies te vier. "Ons ouers kon by ons aansluit, so my ma het die video gekyk. Dit was 'n bittersoet oomblik toe ek besef dat ek nie die werklike gradeplegtigheid gaan hê nie, maar ek waardeer die moeite opreg."

Volgens me. Tarie Nyamudeza, wat 'n honneursgraad in sosiologie behaal het, het sy nie toegelaat dat die inperkingstaat haar gradeplegtigheid kaap nie. Sy het haar eie plegtigheid met 'n gehoor van sagte speelgoed gehou. "Ek was so opgewonde dat my familie uit

Zimbabwe moes kom om my te sien gradueer, maar dit was nie moontlik nie. Dus het ek besluit om 'n video van my eie plegtigheid te maak. Ek kon nie die dag sommerso laat verbygaan nie, so ek het my woonstelmaat en my teddiebere gekry om my te help om my prestasies te vier."

Vele ander US-studente het video's en boodskappe van hul tuisgradeplegtigheid op die sosialemedia-bladsye gedeel (sien foto's hieronder).

De Villiers het gegradueerdes aangemoedig om via die Universiteit se alumni-platforms met die instelling in verbinding te bly. "Ons ervaar almal nou hoe belangrik dit is om met mekaar te netwerk. Bly asseblief in kontak met jul alma mater. Ek wil graag hê julle moet onthou dat die Universiteit Stellenbosch altyd jul akademiese tuiste sal wees. Eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie!"

Sertifikate en ander dokumentasie is ná die inperking per geregistreerde pos na die studente gestuur.

Die April-gegradueerdes sal ook die geleentheid kry om tydens die Desember-gradeplegtigheid oor die verhoog te stap, mits die Desember-plegtighede nie deur die pandemie beïnvloed word nie.



Kyk 'n video
www.youtube.com/stellenboschuni



Kloksgewys van links bo:

Me. Tarie Nyamudeza het voor 'n gehoor van sagte speelgoed gegradueer.

Me. Annemarie van Wyk, wat haar Meestersgraad in Joernalistiek behaal het, se gesin het haar "inperking-gradeplegtigheid" bygewoon. Haar kinders het selfs vir haar 'n graadsertifikaat gemaak.

Me. Gaelle Geeraert vier die geleentheid met 'n groot bottel vonkelwyn.

Mnr. Jannick Schlewying het sy graad in Sportwetenskap met trots ontvang.

VIR DIE BOEKRAK

Van 'n keur van die beste Fred Mouton-sketse van die afgelope 50 jaar en Nataniël se memoir, tot die verhaal van die Boereoorloggeneraal, Ben Viljoen, en die vertellinge van Annelie Botes oor haar en haar man se kanaalbootreis in Engeland – hier is 'n paar boeke om op koue wintersdae te lees.

Woorde FRIEDA LE ROUX

50 JAAR MET FRED: Fred Mouton se beste spotprente, deur Bun Booyens

Toegerus met 'n fyn oog en 'n skerp potlood, volg Fred Mouton al vir 'n halfeeue die Suid-Afrikaanse geskiedenis. As spotprentekenaar vir *Die Burger* lok sy tekeninge kommentaar, laat dit mens lag, laat dit mens dink. Sy werk word ook dikwels in *Landbouweekblad*, *Huisgenoot*, *Weg!* en verskeie ander publikasies gebruik. Die boek, met meer as 400 tekeninge, is saamgestel deur Bun Booyens, stigtersredakteur van *Weg!* en voormalige redakteur van *Die Burger*.

Jonathan Ball, R320



KANSVATTER:


Die rustelose lewe van generaal Ben Viljoen

deur Carel van der Merwe

Anders as verwag, het Ben Viljoen, een van die blink jong sterre van die Anglo-Boereoorlog, nie sy naam diep in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgekerf na afloop van die oorlog nie. Carel van der Merwe het besluit om Viljoen se spore te volg na Brittanje, Nederland, Mexiko en Amerika om te gaan uitvind hoe dit gebeur het dat dié Boereoorloggeneraal burgerskap van vier verskillende lande gehad het, die ster was van 'n Boereoorlogskouspel, aan 'n Mexikaanse revolusie deelgeneem het, as vredeskommissaris tussen die Yaqui-Indiane opgetree het en voor sy dood op die punt was om 'n rolprent in Hollywood te vervaardig.

'n Prentjie van 'n komplekse persoonlikheid kom na vore wat herinner aan 'n deel van die huidige generasie Afrikaners – minder godvresend, gemaklik in verskillende kulture, en bereid om te emigreer wanneer hulle dink dit tot hul voordeel is.

Protea, R395




KAMMALAND

deur Annelie Botes

Weinig mense spit diep in hulle spaargeld in, sluit hul huis en klim vir drie maande van afsondering op 'n kanaalboot in die verre Engeland. Op hul eie. Sonder ervaring. Sonder 'n bootliksens. Sonder die voorwete dat alles goed sal afloop. Annelie en die ou gryse het besluit om die kanaalpad te vat en reg in die snerpande winter in te vaar. Om te toets wat hulle ná vier-en-veertig jaar van saamwees in mekaar oorhet. Om te besin oor die roete van die allerlaaste vyftien sterkerige jare wat dalk voorlê. Om herinneringe te vergaar vir die stil dae op die ouetehuisstoep. En om mekaar te vergewe vir sovele sondes. Min sou hulle kon voorsien dat die reis van hosannas ook 'n reis van tappende ontberings en rasperende emosies sou wees. En dat hulle meer as een maal die boot wou verlaat en die kinders bel om hulle te kom haal. Maar tot op die een-en-neëntigste dag het hulle vasgehou aan die idille. En aan mekaar.

Penguin, R280




KYK NA MY

deur Nataniël

Seker een van die flambojantste oud-Maties nóg, vertel Nataniël sy unieke verhaal van 'n kindertyd in drie klein dorpies en een groot voorstad, 'n era waartydens reëls blindelings gevolg is en oor 'n jong seun met 'n oorweldigende vrees vir die gewone. Sedert sy solo-debuut het Nataniël reeds meer as 70 oorspronklike verhoogproduksies aangebied, 15 albums en vyf DVD's vrygestel en 16 boeke gepubliseer, maar *Kyk na my* is sy eerste volwaardige memoir.

Tafelberg, R280





RAAK **BETROKKE**

KOMMERVRYE STUDIES

'n Beursfonds het die BRek-student, Tiaan Swart, van sy bekommernisse oor finansies bevry, en hy hoop om eendag dieselfde vir iemand anders te doen.

Woorde SONIKA LAMPRECHT

Foto KOBUS SMIT





ir mnr. Tiaan Swart, 'n oudleerder van die Hoërskool Outeniqua op George, het 'n beurs van die Dippenaar Familietrust nie net vir hom gemoedsrus oor die finansiering van sy studies gegee nie; dit het hom ook aangespoor om selfs harder te werk en beter te presteer.

Swart, 'n finalejaar BRek-student en inwoner van Dagbreek, ontvang reeds sedert sy eerstejaar die beurs. "My pa is blind, wat dit reeds 'n uitdaging gemaak het om verder te gaan studeer, afgesien van die finansiële oorwegings. Die beurs het egter gesorg dat my bekommernisse oor studentegelde nie bewaarheid is nie. Sedert ek die beurs ontvang het, is ek baie rustiger oor finansies. Die beurs het my ook gemotiveer om aan te hou streef om my akademiese prestasie te verbeter, veral omdat ek geweet het dat al my werk in die verlede nie verniet was nie."

Swart het reeds in matriek vir baie beurse aansoek gedoen, maar het later begin moed opgee omdat sy aansoeke afgekeur is. "Wanneer 'n mens aansoek doen by die US, kry jy die keuse of jy wil aansoek doen vir beurse. Ek het besluit om dit te doen en het al die inligting en dokumente verskaf." Maar toe hy maande later nog niks gehoor het nie, het hy eintlik daarvan vergeet. "In Mei van my eerstejaar het ek die wonderlike nuus gekry dat ek die Dippenaar Familietrust se beurs ontvang het."

VOORREG

Swart, 'n buitelig-entoesias en ywerige strand- en rots-hengelaar, sê dit is vir hom 'n voorreg om in so 'n mooi omgewing te kan studeer. Hy was aanvanklik baie onseker oor watter universiteit en studierigting om te kies. "Ek het op die US besluit omdat dit relatief naby aan die huis is en ek seker is dat ek 'n hoë-gehalte opvoeding sal ontvang. Ek het ook die Stellenbosch-omgewing beter geken as die plekke waar van my ander opsies geleë is." En hoewel BRek altyd een van sy opsies was, het hy dit eers in matriek as 'n eerste keuse begin oorweeg. "Ek het daarop besluit omdat dit 'n baie veelsydige graad is wat my nie tot 'n spesifieke werkgewer sal beperk nie."

Swart het die Dippenaars al op twee geleenthede ontmoet en sê hul positiewe en aanmoediging beteken vir hom amper net

soveel soos die beurs self. "Ek wil weer vir hulle baie dankie sê – nie net vir die beurs nie, maar ook vir die hoeveelheid moeite wat hulle doen om die beursoes te leer ken, gemaklik te laat voel en aan te moedig. Veral hul positiewe oor die toekoms van ons land is baie motiverend."

Daar is by hom geen twyfel oor sy planne vir die voorsienbare toekoms nie – hy wil seker maak hy kry keuring om in 2021 sy honneurs te doen en te voltooi, waarna 'n klerkskap en SAICA-lidmaatskap sal volg. En veel verder in die toekoms? "Ek wil beslis ook eendag graag iemand op dieselfde manier help, as ek bevoorreg genoeg is om dit te kan doen."

ONDERSTEUNING

Die Dippenaars lewer al vir die afgelope 23 jaar 'n bydrae tot 'n beter toekoms vir talentvolle jong Matie-studente deur die beurse wat deur hul familietrust aangebied word.

Die Dippenaar Familietrust het in 2020 R 1 865 000 geskenk om 29 studente in die Universiteit se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe finansiële by te staan. Hierdie ondersteuning stel studente in staat om op hul studies te fokus sonder die bekommernis dat hulle moontlik hul studies sal moet staak weens 'n gebrek aan geldelike steun.

Die meeste van hul beursoes is eerstegenerasie-studente en studente uit die "verlore middel"-groep wat nie die finansiële hulpbronne tot hul beskikking het om verder te studeer nie.

Vir me. Estelle Dippenaar is dit net 'n plesier en voorreg om 'n positiewe verskil in studente se lewens te maak. "Die filosofie van ons familietrust is opvoeding – so dit maak net sin om geld vir beurse te gee."

Hulle glo ook daaraan om verhoudings met die beursoes op te bou, vandaar hul jaarlikse Dippenaar Familietrust-ete. "Dit is so lekker om die studente beter te leer ken en te hoor wat hulle doen en meer uit te vind oor hul toekomsplanne. Ons is al selfs na troues genooi!" sê sy.

Maar vir haar is die kettingreaksie van hul skenking veral verblydend. "Ek voel ons het 'n saadjie geplant," verduidelik sy. "Baie van hierdie beursoes wil self eendag, wanneer hulle by magte is, ook terugploeg en 'n nuwe generasie studente bemagtig. Nou dít is vir my wonderlik."

HOE OM TE GEE

Daar is verskeie maniere waarop jy 'n bydrae kan maak tot verskillende projekte en beurse van die Universiteit Stellenbosch.

SOORTE STEUN

Jy bepaal wanneer en hoe jou skenking aan die Universiteit Stellenbosch (US) gebruik behoort te word. Jy kan dit vir huidige projekte bestem, of dit laat belê om 'n blywende nalatenskap vir toekomstige geslagte te voorsien. Skenkings vir lopende gebruik gaan aan die akademiese inisiatief, strategiese oogmerk, navorsingsprogram, fakulteit, studentekoshuis of vereniging van jou keuse.

SNAPSCAN

Skandeer die QR-kode met jou selfoon om 'n bydrae aan 'n mede-Matie te maak. Donasies wat ons deur SnapScan ontvang, gaan aan ons Maties4Maties-beursfonds. 18A-belastingcertifikate word op aanvraag uitgereik.

MYSCHOOL

Gebruik jou MySchool-kaart wanneer jy inkopies doen by enige van verskeie deelnemende kleinhandelaars landwyd en 'n persentasie van jou aankope sal aan die US geskenk word.


AANLYN

Die US het 'n maklike aanlyn-skenkingsplatform wat jy kan gebruik om 'n bydrae te maak. Besoek hierdie webblad: <https://web-apps.sun.ac.za/donor-contribution-gift/#/home>



SnapScan

Stellenbosch University Alumni



SUAAlum

BELASTINGVOORDELE

Individuele en korporatiewe skenkers van die Universiteit Stellenbosch ontvang belastingvoordele ingevolge Suid Afrikaanse belastingwette. Die Verenigde State en Verenigde Koninkryk bied ook moontlikhede vir belastingvriendelike skenkings aan die Universiteit. Die volle randbedrag van 'n erflating kan boonop afgetrek word om die netto boedelbelasting te verlaag. Kontak Hugo Steyn by +27 (0)21 808 3615 of hugos@sun.ac.za.

MAAK 'N VERSKIL

*Vind uit hoe die Stellenbosse
Universiteitsgemeenskap saamspan om die
koronaviruspandemie die hoof te bied, en wat
jy kan doen om te help.*


Woorde ILSE ARENDSE

Foto STEFAN ELS



Digitale Toegang vir US-studente

In April het die Universiteit Stellenbosch (US) die nuwe kwartaal aanlyn begin om te verseker dat die 2020-akademiese jaar suksesvol voltooi word. Baie van ons studente is egter nie toegegerus om suksesvol aan aanlynleer deel te neem nie. Studente wat vir ondersteuning kwalifiseer, het elkeen 'n skootrekenaar op 'n leengrondslag vanaf die Universiteit ontvang en ons het ook data verskaf. Die pakket sluit 'n skootrekenaar gelaai met sagteware, 'n skootrekenaarsak en aflewering by die student op hul tuisdorp in. Jou bydrae kan ons help om die digitale gaping in ons land te oorbrug.




#Move4Food

Ons student-gedrewe #Move4Food-veldtog wat in 2018 die lig gesien het, sal 'n verdere hupstoot benodig om honger studente te help. Namate die uitwerking van Covid-19 ontvou, hoor ons daaglik van gesinne en gemeenskappe wat honger ly. Talle Suid-Afrikaners, insluitende sommige van ons US-studente, worstel daaglik met die onsekerheid oor waar hul volgende maaltyd vandaan gaan kom. Die harde werklikheid is dat daar 'n beduidende tekort aan voedsame en bekostigbare voedsel op Suid-Afrika se kampusse is – en die Universiteit Stellenbosch is geen uitsondering nie. Die hulp wat jy aan die #Move4Food-veldtog verleen, raak nie net studente se daaglikse lewens nie, maar dit is ook 'n kragtige demonstrasie en 'n voorbeeld van jou toewyding tot die transformasie van jongmense se lewens.

Ondersteuning vir US-gesondheidswerkers

Studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het vroeg in die pandemie reeds as vrywilligers in die Tygerberg-hospitaal begin werk. Daar is 'n dringende behoefte om hulle te ondersteun met toerusting om hul veiligheid te verseker. Dit sluit persoonlike beskermingstoerusting (PPE), voedselstasies, enigiets wat die risiko van besmetting sal verminder (byvoorbeeld, aparte koffie- en teestasies) en logistieke ondersteuning in.





Ondersteuning vir ons navorsers

In ooreenstemming met ons strategiese raamwerk en ons fokus op navorsing wat 'n impak maak, bly ons verbind tot die wêreldwye strewe om die Covid-19-pandemie hok te slaan. Die US is met 'n wye verskeidenheid projekte besig om hierdie pandemie die hoof te bied – van die ontwikkeling van 'n metode vir die voorkoming en behandeling van mikrobiële groei op vervaardigde produkte, insluitende verpakkingsmateriaal, tot 'n sintetiese farmaseutiese produk in sy toetsfase wat as 'n ondersteunde agent vir die behandeling van akute/volwasse respiratoriese noodsindroom sal dien. Dit is 'n lang lys! Dit is in tye soos hierdie dat ons daaraan herinner word hoe baie die wêreld van die wetenskap afhanklik is en hoe die insameling en deel van kennis in almal se belang is.

Sosiale Impak via #StellenboschUnite

Die Universiteit Stellenbosch het ook 'n vennootskap met die groter Stellenbosse gemeenskap aangegaan onder die vaandel, #StellenboschUnite. Deur hierdie vennootskap verskaf en versprei ons voedsel- en voorraadpakkies aan kwesbare gemeenskapslede.

Me. Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge, sê: "Ons wil selfs in hierdie ongekende tye vir al ons interne en eksterne belanghebbendes uitlig hoe almal kan aanhou om ons noodsaaklike werk te ondersteun, veral nou dat ons almal met die bykomende impak van Covid-19 gekonfronteer word.

"Ons is hoopvol dat namate die wêreld van die uitwerking van hierdie pandemie herstel, ons almal – personeel, studente, alumni en donateurs – 'n sterker gevoel van samehorigheid sal hê."

Volgens Bruns het baie lojale US-personeellede en jare lange vennote soos die Harry Crossley-stigting en die Ball-familiestigting reeds tot die hulpfonds bygedra. "Ons studente, gesondheidsorgwerkers, navorsers en die breër gemeenskap is dankbaar vir hierdie ondersteuning."



Indien jy 'n bydrae wil maak:

Alle bydraes kan via die Universiteit se webtuiste gemaak word (kies "COVID-19").

Jy kan ook via die GivenGain-platform bydra: <https://www.givengain.com/cc/su-covid19-relief-fund-us-covid19h/>
Besoek <https://www.matiesalumni.com/covid-19/?lang=afr> vir meer inligting.



Moving Forward Together:

Making a Difference during the COVID-19 pandemic

#COVID-19 Relief Fund



*Van al die dinge wat SARIETHA
ENGELBRECHT in haar
studentejare geleer het, is dit die
verhoudings en sosiale netwerke
wat sy in hierdie tyd gevorm het,
wat sy die meeste koester.*

Toe ek in 2003 by Nerina-vrouekoshuis met my beddegoed en tasse (meestal versnaperinge, want my ma is 'n voerder) afgelaai is, het dit vir my so vreemd soos my eerste skooldag gevoel. Ek het gewonder of ek sou inpas en vriende maak, of ek die oriëntering sou oorleef, dalk 'n slagoffer van die gevreesde eerstejaarsindroom sou word, en of mense sou agterkom watter groot "koek" ek op hoërskool was. Dit het egter ook gevoel na 'n wonderlike nuwe begin en 'n geleentheid om te leer, te groei en myself te hervorm.

Ek het skoolgegaan in die noordelike voorstede van Kaapstad waar ek 'n redelik beskutte lewe gelei het, en die meeste van my vriende het maar soos ek gelyk en my kultuur en oortuigings gedeel. Om op Stellenbosch te studeer het 'n nuwe, wonderlike wêreld vir my oopgemaak en my gehelp om verhoudings te bou wat my tot vandag toe tot voordeel strek.

Vir die eerste maal was ek omring deur mense uit verskillende agtergronde en

verskillende dele van die land, met verskillende belange en opinies wat myne uitgedaag het. Ek het in 'n koshuis saam met 'n groep vroue uit 'n verskeidenheid agtergronde gewoon – van plat-op-die-aarde mense uit boerderygemeenskappe soos Victoria-Wes tot sosiale vlinders uit die deftige voorstede van Kaapstad en Johannesburg. Ek het klas gedraf saam met mense van alle lewensterreine (ek het selfs met 'n Blou Bul-ondersteuner uit Pretoria bevriend geraak, maar moet dit asseblief nie teen my hou nie).

Dit was wonderlik om in so 'n vormende tyd van my lewe deur soveel slim en inspirerende mense omring te wees. En dit was in daardie tyd wat ek 'n paar van my beste vriende ontmoet het en van my belangrikste sosiale konneksies gemaak het, wat ver buite die kampus strek.

Dit begin dalk by een vriendin, wat 'n huismaat word en jou nooi na 'n ete saam met van haar werksmense, mense wat jou musieksmaak deel en jou aan hul nuwe gunstelinggroep bekend stel (The National is tot vandag toe my gunstelinggroep; dankie, Marike!). Of 'n ou klasmaat wat inligting op sosiale media plaas oor 'n beurs of werkgeleentheid wat jou lewe verander.

Dit was eers toe ek by 'n mentorskapprogram in Kaapstad betrokke geraak het (wat ook deur 'n vriend van 'n vriend by die Universiteit aanbeveel is), dat ek besef het hoe bevoorreg ek is om toegang tot al hierdie sosiale kapitaal te hê.

Die program, wat as SAYes bekend staan, werk met minderbevoorregte jongmense van 14 tot 25 jaar – waarvan die meeste in kinder- en jeugsorgfasiliteite woon – en bied steun met hul oorgang na onafhanklikheid en volwasseheid. 'n Jong persoon word aan jou toegewys en vir 'n paar maande bring jy 'n uur per week met daardie persoon deur, waartydens jy die persoon help om oor die volgende lewensfase na te dink en daarvoor te beplan. Dit sluit gewoonlik refleksie oor moontlike loopbane en verdere onderwys, of werkseleenthede in.

Die jongmeisie met wie ek in my eerste mentorskapjaar gemoeid was, was geïnteresseerd in 'n loopbaan as aktrise, politikus of maatskaplike werker. Sy is ongelooflik slim, passievol en gedrewe, maar het nie toegang gehad tot iemand wat in dié velde werk nie en kon dus nie eerstehands inligting bekom om dié loopbaanopsies te ondersoek nie.

DIE MAG VAN SOSIALE KAPITAAL

Alhoewel ek nie in enige van die velde werk nie, kon ek uitreik na twee mense wat ek van Universiteit af ken. Een persoon het vir haar 'n dramaklas opgespoor, terwyl die ander vir haar 'n internskap met 'n ministeriële woordvoerder kon reël. Sy het gou agtergekom toneelspel is waarskynlik nie vir haar nie, maar al hoe meer besef dat sy deur die politiek en gemeenskapswerk 'n verskil in Suid-Afrika wou maak. Al wat dit geveeg het om hierdie geleenthede vir haar te reël, was dat ek twee e-posse moes stuur. Ek het daar werklik besef dat bevoorregting veel verder strek as waar jy woon, die skool waarheen jy gaan, of die dinge wat jy kan bekostig.

In my eie lewe het my sosiale netwerke my geweldig gehelp en verskeie van my beste vriendskappe en belangrikste sakeverhoudings is die resultaat van die sosiale kapitaal wat ek bekom het terwyl ek aan die Universiteit Stellenbosch studeer het. Ja, om universiteit toe te kan gaan, is 'n ongelooflike voorreg. Daar is soveel Suid-Afrikaners wat nie vir plasing kwalifiseer nie, nie die klasgelde kan bekostig nie, of wat eenvoudig dadelik moet begin werk en nie kan bekostig om eers te gaan studeer nie.

In 2019 het die regering 'n "oorsig" van Suid-Afrika se eerste 25 jaar van demokrasie gepubliseer, waarin die aantal Suid-Afrikaners wat die afgelope 25 jaar 'n matrieksertifikaat en 'n baccalaureusgraad behaal het, uitgelig is. Die getal leerders wat in 2018 'n Graad 12- Nasionale Senior Sertifikaat ontvang het, was 78,2% (van 58% in 1994), terwyl slegs 33,6% van die graad 12-leerders in 2018 op baccalaureusvlak kon slaag.

Daar is talle voordele verbonde aan 'n universiteitsgraad. Nie net bied dit jou groter toegang tot werkseleenthede, hoër inkomstepotensiaal en groter finansiële stabiliteit nie, maar dit verbreed ook jou toegang

tot ander geleenthede deur jou in verbinding te bring met 'n lewenslange netwerk kollegas, raadgevers en mentors, wat 'n klomp deure vir jou kan opmaak. Dit bied jou ook die geleentheid om ongewone en interessante dinge te probeer wat jy nie anders sou doen nie – van die skermkuns tot klein Sêr.

Wanneer ek terugdink aan my universiteitsdae, is ek veral dankbaar vir die kennis wat ek opgedoen het, maar wat my die naaste aan die hart lê, is die verhoudings wat ek laat in die nag in Bohemia met 'n glas wyn in die hand gevorm het, terwyl ek eintlik vir my Ekonomie 114-eksamen moes swot.

Ek sien nog gereeld vir Marike. Ons deel steeds uitsonderlike musiek en herinner mekaar aan die katekwaad wat ons op universiteit aangevang het. Dit is iets wat ek veel meer koester as om te onthou dat ceteris paribus "alle ander dinge gelyk synde" beteken.

Die sakeman Bonang Mohale het 'n boek gepubliseer met toesprake en gedagtes oor leierskap, met een van my gunstelingtitels ooit: Lift as you rise. Ek probeer dit as 'n soort lewensmotto gebruik. Om aan 'n hoëronderwysinstelling soos die Universiteit Stellenbosch te studeer, bied jou hope sosiale kapitaal. Mag ons dit almal gebruik om ander op te hef namate ons self opgang maak.

Besoek www.sayesmentoring.org vir meer inligting oor die SAYES-mentorskapprogram.

Sarietha Engelbrecht is die stigter en HUB van Great Dane Digital, 'n digitale bemarkings- en inhoudagentskap in Kaapstad. Sy behaal grade in Sosio-informatika en Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch en was in 2007 die Primaria van Nerina.

IN MEMORIAM

Die Universiteit het met leedwese verneem van hierdie alumni wat afgesterf het. Matieland huldig graag oudstudee en kollegas wat oorlede is.

Mnr. EDB (Eckhart) Mueller (72) van Namibië. BA (1968), SOD (1971). Oudinwoner van Dagbreek. Hy werk as onderwyser en skoolhoof voordat hy in die vroeë negentigerjare die Uitvoerende Direkteur van die Namibiese Instituut vir Mynwese en Tegnologie, 'n tegniese opleidingsinstansie, word.

Mnr. DJ (Daniel) Maree (92) van De Rust. BSc Landbou (1948). Oudinwoner van Dagbreek. Hy werk as grondbewaringsbeampte vir die Departement van Landbou, waarna hy tot met sy aftrede in die Meiringspoort-omgewing geboer het.

Mnr. A (Anro) Conradie (75) van Kaapstad. BA (1966). Oudinwoner van Eendrag. Hy het tot 1984 by *Die Burger* gewerk, waarna hy as subredakteur aan Human & Rousseau verbonde was. Hy doen later vryskutwerk vir onder meer Tafelberg Uitgewers, die *Landbouweekblad* en *Rapport*.

Mnr. RH (Rudolf) Andrag (74) van Kaapstad. BSc Bosbou (1970), MSc Natuurbewaring (1973). Oudinwoner van Dagbreek. Hartstogtelike natuurbewaarder, bergklimmer en Cederberg-liefhebber.

Dr. LM (Loekie) Muntingh (90) van Stellenbosch. BA (1950), MA (1954), DLit (1963), DTh (1973), NGDip (1995). Oudinwoner van Wilgenhof en Pieke. In 1966 word hy by die US aangestel as dosent in Semitiese Tale en in 1969 as senior lektor in Bybelkunde.

Mnr. P (Pierre) van Staden (62) van die Strand. BSc (1982), BSc Hons (1986). Oudinwoner van Libertas. Hy werk by die destydse Departement Omgewingsake in die Komati-distrik en later as bestuurder by Mondi Jessievale.

Dr. DL (Deon) van Niekerk (65) van Upington. BA (1950), MA (1954), DLit (1963), DTh (1973), NGDip (1995). Oudinwoner van Dagbreek, Libertas en Equité. Hy was sedert 1984 as leraar verbonde aan die NG Kerk Upington-Oos.

Me. E (Ethie) Schoonees (97) van Kleinmond. BA (1942), SOD (1943). Oudinwoner van Harmonie.

Prof. Douglas (Doug) E Rawlings (68). DSc (2012-2014). Prof. Rawlings was 'n voormalige president van die *Royal Society of South*

Africa en stigterslid van die Wetenskapakademie van Suid-Afrika. Hy ontvang verskeie eerbewyse, waaronder die PanLabs-toekenning van die *Society for Industrial Microbiology* in die VSA en die Havenga-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy dien verskeie termyn op die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie en ontvang dié vereniging se silwer én goue medaljes in onderskeidelik 1992 en 2011.

Me. Elizabeth Heyns (92), lektor in sang aan die US se Departement Musiek vanaf 1974 tot 1992. Ná haar aftrede het sy deeltjyds Frans vir Sangers aangebied. Haar sangstudie het in die vyftigerjare onder Margaret Wandelt begin.

Prof. Flip de Wet (84). BEd (1974), MEd (1977), DEd (1979). Oudinwoner van Aurora. Prof. De Wet was dekaan van die US se Fakulteit Opvoedkunde, Studentedekaan en later ook Viserektor. Hy was huisvader van Wilgenhof.

Prof. Mary-Anne Plaatjies van Huffel (60). Prof. Plaatjies van Huffel was professor in Ekklesiologie aan die US se Fakulteit Teologie. Sy was die eerste swart vrou wat tot vol professor in dié fakulteit bevorder is; in die voormalige Nederduits Gereformeerde Sendingkerk georden is; en ook as moderator van die Algemene Sinode van dié kerk verkies is.

Prof. Dawid Hermanus van der Vyver (81). DLitt (1972). In die sestigerjare is hy verbonde aan die US se Departement Taalwetenskappe, voordat hy in 1976 die hoof van die US se Instituut vir Taalonderrig word. Later werk hy as uitvoerende direkteur van die UPTTRAIL Trust, 'n organisasie wat hom toespits op opleiding, onderrig en leer.

Dr. JJ (Koo) Louw (81) van Somerset-Wes. BA (1959), BAHons (1961), SOD (1963), Hons.B (B en A) (1971), MBA (1972), Ph.D (1990). Oudinwoner van Helderberg en Eendrag. Hy het vir Maties se eerste rugbyspan onder leiding van dr. Danie Craven gespeel.

Dr. Philip du Toit Fourie (77). BSc (1960), BScHons (1962), MSc (1963), MPhil (2004). Oudinwoner van Simonsberg, Aurora en Libertas. Hy was dosent in Toegepaste Wiskunde aan die US.



Inlig. Inspireer. Innoveer.

Kortkursusse by Universiteit Stellenbosch

Kursusaanbiedings

Ons bied kortkursusse in verskeie studierigtings aan:

- Agriwetenskappe • Lettere & Sosiale Wetenskappe • Opvoedkunde • Ingenieurswese • Uitvoerende Ontwikkeling
- Gesondheidwetenskappe • Taal & Kommunikasie vaardighede • Regsgeleerdheid • Leierskap & Bestuurswese
- Natuurwetenskappe • Teologiese Studies • Sportwetenskappe • Hernubare & Volhoubare Ontwikkeling

Vir verdere inligting ten opsigte van kursusaanbiedings, kursusinhoud, datums en duurte van aanbiedings en die aansoekproses besoek asseblief www.kortkursusse.sun.ac.za


Vir meer inligting:

Afdeling Kortkursusse
Universiteit Stellenbosch
De Beerstraat 15
Stellenbosch 7600

Tel: 021 808 9068
Epos: shortcourse@sun.ac.za
Web: www.kortkursusse.sun.ac.za



INNOVUS



JAARLIKSE MATIES ALUMNI TUISKOMSNAWEEK

Donderdag 23 September - Saterdag 25 September 2021

**Maties, ons maak reeds planne vir ons 6de
jaarlikse Alumni Tuiskomsnaweek in Matieland!**

En ons benodig jou hulp... Indien JY 'n Eerstejaar in 1971, 1981,
1991, 2001 of 2011 was, kan jy ons help om jou universiteitsvriende
bymekaar te kry vir 'n groot reünie op Stellenbosch?

Stuur 'n e-pos na alumni@sun.ac.za indien jy graag betrokke wil raak.

**Vir meer inligting oor ons Alumni Tuiskomsnaweek besoek
www.matiesalumni.com.**



TUISKOMSNAWEEK
STELLENBOSCH

2021